GESKIEDENIS VAN BLOEMHOF.

1875 - 1945.

Verhandeling ingehandig ter verkryging van die graad M.Ed. aan die Universiteit van Stellenbosch.

J.J.F. Joubert M.A.

STELLENBOSCH,
Junie 1945.

V O O R W O O R D.

Dit is vir ons 'n groot voorreg en genoeë om met hierdie werkie by die roemryke verlede van Bloemhof, een van die uitstaande opvoedingsinrigtings vir dogters in ons land, stil te staan. Terwyl ons oor hierdie onderwerp navorsingswerk gedoen het, het dit vir ons duidelik geword dat dit hoog tyd was om hierdie geskiedenis te boek te stel, omdat baie van die ou dokumente alreeds verlore gegaan het, en daar maar nog min persone nog lewe wat ons eerstehandse inligting kon gee oor die oudste tydperk van die skool.

Ons was tog gelukkig om inligting te verkry van verskeie persone wat die eerste jare van Bloemhof meegemaak het. In die verband gaan ons dank uit tot mev. ds. Pienaar van Somerset Wes, 'n dogter van wyle ds. Neethling, die stigter van Bloemhof, vir haar bereidwilligheid om altyd te reageer op ons vrae en versoeke. Ons is ook baie dank verskuldig aan mev. Paul Heyneke vir haar interessante gegewens omtrent Bloemhof en die lewe in die skool. Mev. Heyneke, sowel as mev. Pienaar, was van die eerste leerlinge van Bloemhof.

Mej. Lucy Joubert, oud-prinsipale van Bloemhof, kon ons ook baie gegewens verstrek en op interessante wyse, vol geesdrif staaltjies uit haar tydperk meedeel.

Graag betuig ons ook ons dank aan mej. Katie Neethling, wat maar altyd gereed was om ons te help as ons daar tydig of ontydig aankom, en vir die toegang tot die dokumente van

haar vader, wyle ds. J.H. Neethling, en aan mej. M. Botha vir haar bydrae.

Graag noem ons ook die personeel van die Skoolraadskantoor, asook mnr. H.H. Markotter, wat so baie hulp verleen het in die opsporing van die notules. Mej. C. van der Walt, prinsipale van Bloemhof, het ons baie hulp verleen en belangstelling in die saak getoon.

Ek wil ook my ouers bedank vir hul belangstelling in my studies, en vir die aanmoediging wat ek van hul ontvang het om my studies tot op hierdie stadium voort te sit.

Ten slotte my innige dank aan alle dosente van die Fakulteit van Opvoedkunde, onder wie ek die voorreg gehad het om te studeer. 'n Spesiale woordjie van dank aan prof. dr. H.P. Cruse vir sy opoffering en hulpvaardigheid. Dit was vir ons aangenaam om onder sy leiding te werk, en waardeer sy belangstelling en vriendelikheid baie hoog. Vir hulp, raad en leiding wil ons hom hiermee baie hartelik bedank.

J.J.T. Joubert.

I N H O U D.

		Bls.
VOORWOORD.		1.
HOOFSTUK I	: Die Stigting van Bloemhof.	3.
HOOFSTUK II	: Mej. Gilson - Die Eerste Prinsipale.	16.
HOOFSTUK III	: Die Eerste Jare van Bloemhof, 1875 - 1895.	26.
HOOFSTUK IV	: Bloemhof Kosinrigting.	41.
HOOFSTUK V	: Bloemhof - Die Moeder van Denneoord.	54.
HOOFSTUK VI	: Jare van Stryd. 1898 - 1903.	62.
HOOFSTUK VII	: Ds. J.H. Neethling - Vader van Bloemhof.	76.
HOOFSTUK VIII	: Die Stryd om die Voertaal.	85.
HOOFSTUK IX	: Die Betekenis van mej. Lucy Joubert.	103.
HOOFSTUK X	: Bloemhof vanaf 1922 - 1945.	112.
BYVOEGSEL I.	: Volks Petitie.	122.
BIBLIOGRAFIE.		126.

HOOFSTUK I.

DIE STIGTING VAN BLOEMHOF.

Gedurende die sewende dekade van die 19de eeu het die liberalisme die botoon gevoer, maar tydens die volgende dekade het die behoefte aan volksopvoeding om oplossing geroep. Die koerante en ander tydskrifte van die tyd is dan ook vol van briewe en artikels oor die wenslikheid van volksopvoeding.

Teen 1839 het hier aan die Kaap 'n hele verskeidenheid van skole bestaan. Dit is gevoel dat daar 'n groot gebrek aan uniformiteit en eenheid van doel en strewe was en dat 'n sentrale beherende gesag gebiedend noodsaaklik was. Sir John Herschell het hom veral hierin geinteresseer en gepleit vir 'n gesentraliseerde stelsel met sentrale verantwoordelikheid berustende by 'n enkele persoon. 1).

Die uitvloeisel van dit alles was die wet van 1839 waardeur 'n onderwys departement tot stand gekom het onder beheer en toesig van 'n Superintendent-Generaal van Onderwys. James Rose-Innes, die eerste S.G.O. het al gou ondervind dat hy nie al die verantwoordelikheid kan dra nie. Alle toekennings, salarisse en aanstellings van onderwysers moes deur sy hande gaan. Die begeerte het ook mettertyd by die inwoners ontstaan om 'n aandeel in die seggenskap te verkry.

Omdat die onderwys 'n funksie van die staat was, het

---

1). du Toit, P.S. : Onderwys in Kaapland. p.83.

die belangstelling in opvoeding en onderwys begin kwyn. Daar was nie 'n skakel tussen die skool en die volk nie. Die volk het geen gesag oor die skool uitgeoefen nie, en dus ook geen verantwoordelikheid gedra nie. 'n Stelsel wat geen medewerking gevra het nie, was ook nie bereken om belangstelling te prikkel nie. 2).

Die begeerte om meer seggenskap in die onderwys te hê, het aanleiding gegee tot die toelaagstelsel. Deur hierdie stelsel is plaaslike inisiatief bygestaan en aangemoedig. 'n Kommissie van Ondersoek wat in 1863 'n rapport uitgebring het, het die uitbreiding van die £ vir £ beginsel aanbeveel. Die meeste van die aanbevelings van die Kommissie is vasgelê in die wet van 1865.

Na 1865 het die opvoeding 'n volksaak geword. Die volgende stelsel het toe geheers: Die belanghebbende persone, „quarantors" genoem, kom byeen en besluit of dit wenslik is om 'n skool te stig en teken dan hul name dat hul sal goedstaan vir die helfte van die salaris van die onderwysers. Daarna kies hul die bestuurslede of „managers". Hierdie stelsel het meegebring dat die mense meer belang in die skool begin stel het.

In die algemeen was die gemoedere egter nog nie ontwaak vir die belangrikheid van volksopvoeding nie. Die Nederduitse Gereformeerde Kerk waaraan die meeste van die plattelandse bevolking behoort het, het hom in hierdie tyd veral met nuwe ywer bemoei om die mense vir hierdie groot saak ryp te

---

2). du Plessis, J. : Het Leven van Andrew Murray. p.297.

maak. Die Kerk neem dus in baie gevalle die leiding in die skole en die vergemakliking van opvoedkundige fasiliteite. In elke ring is 'n inspekteur van skole aangestel, [3] wat al die skole in sy gebied moes besoek en by die jaarvergadering verslag moes kom doen. Opvoedkundige vraagstukke is met al groter erns op Sinodes bespreek. Terwyl daar in 1870 slegs vyf punte in verband met opvoeding op die agenda was, was daar in 1873 nie minder as 18 nie. 'n Bewys dat die Kerk al meer en meer in skoolsake begin belangstel het.

Die besprekings op die Sinode was nie voldoende om die mense wakker te skud nie, daar was 'n man nodig om daadwerklik die voortou te neem en die christelike publiek te laat ontwaak vir sy pligte en verantwoordelikhede teenoor die opkomende geslag. Hierdie persoon was ds. Andrew Murray wat daarna gestrewe het om die voorregte van die opvoeding binne bereik van die armste te bring. [4]. Hy gaan dus in 1873 daartoe oor om die Hugenote Seminarium te stig. Die welslae van hierdie inrigting het bewys dat die opvoeding van dogters en die opleiding van onderwyseresse wel prakties moontlik was, en het gedien as spoorslag vir verskeie dergelike inrigtings in ons land. Binne die volgende vyf jaar ontstaan dan ook die volgende skole wat almal na die model van die Hugenote Seminarie ingerig is, naamlik die Bloemhof Seminarie te Stellen-

---

3). du Plessis, J. : Het Leven van Andrew Murray. p.297.
4). Dieselfde. p.297.

bosch, Middellandse Seminarie te Graaff-Reinet, Dames Institute te Worcester, Eunice Meisies Instituut te Bloemfontein, Meisieskool te Paarl, Rockland Seminarie te Cradock en die Bellevue Seminarie te Somerset Oos. Na hierdie inleiding is ons nou in staat om ons aandag aan onderwystoestande op Stellenbosch te gee, nog voor die wet van 1865 in werking gestel is.

Onderwystoestande op Stellenbosch, voor 1860 het veel te wense oorgelaat. Die opening van die Teologiese Seminarium op 1 November 1859 het egter 'n keerpunt beteken in die geskiedenis van onderwys van Stellenbosch. Deur die beskikking van die Voorsienigheid het daar nou drie manne, akademie vriende, vol jeugdige geesdrif, en harte wat warm klop vir volk en vaderland, 5) op Stellenbosch bymekaargekom, t.w. prof. N.J. Hofmeyer, prof. J. Murray, en ds. J.H. Neethling wat in 1858 die beroep na Stellenbosch aanvaar het. Die wakkere drietal het met moed die taak aanvaar ter verbetering van die onderwys. Hul besluit dan ook om met behulp van ander waardige manne 'n skool vir seuns te stig wat gelyke tred sal hou met die vooruitgang en ontwikkeling van hoër onderwys in Suid-Afrika. 6).

Voor hul egter hul planne ten uitvoer kon bring, is in Mei 1860 die Rynse skool, deur die Rynse Sendinggenootskap gestig, om voorsiening te maak vir die opvoeding van die kinders, seuns en dogters van Rynse Sendelinge in Suid-Afrika. By die opening het die skool slegs nege leerlinge getel, en

---

5). Gedenkboek van Het Victoria College. p.89.
6). Dieselfde. p.39.

7/.

twee onderwyseresse, te wete, mejj. Pieper en Voigt. Die skool het egter baie gou opgang gemaak en kon reeds na ses jaar sonder enige finansiële hulp uit Duitsland klaarkom. 7).

Hierdie skool het egter 'n vreemde gees geadem, en daar is gevoel dat die tyd nou ryp geword het om beter voorsiening te maak vir die Hollandssprekende kinders op Stellenbosch. In Desember 1863 verbind dertig inwoners van Stellenbosch hul om gedurende vyf jaar 'n sekere som by te dra tot die stigting van die gimnasium. Sake het so vinnig gespoed dat die Gimnasium reeds op 1 Maart 1866 feestelik geopen kon word.

Daar is verder skikkings met die Rynse skool getref waardeur die Gimnasium onderneem het om 'n sekere aantal Rynse seuns gratis onderwys te verskaf. 8). Op die wyse is die Rynse seuns oorgebring na die Gimnasium en het die Rynse Skool bly voortbestaan as skool vir dogters.

Op hierdie stadium was daar dus goeie voorsiening gemaak vir die seuns van Stellenbosch, asook vir die dogters van Duitse Sendelinge, maar vir die dogters in die algemeen was nog weinig gedoen op onderwys gebied.

Daar was wel 'n klein privaat skooltjie van die ou Skotse dame mev. McLachlan - die weduwee van die beroemde onderwyser van die Goewernementsskool, Humphrey McLachlan, maar dit was geensins voldoende nie.

Die skool van die ou Skotse dame en haar dogter Philippa was in die gebou wat later gebruik is vir die Bloem-

---

7). Gedenkboek van Het Victoria College. p.150.
8). Dieselfde. p. 21.

hof kosskool, op die hoek van Plein- en van Rynevelstraat. Sommige van ons sal nog die ou gebou goed onthou met die lang trap van voor en die kelders van onder. Hierdie gebou het later plek gemaak vir die sierlike gebou van die Christelike Studente Vereniging.

Mev. McLachlan was 'n edele ou dame, wat onder die moeilikste omstandighede 'n bestaan gesoek het vir haarself en haar kinders. „Sy was 'n waardige persoon, met wit hare en 'n wit keppie op, vlug op die voete, met 'n vinnige tong, en 'n tere hart," so beskrywe een van haar leerlinge haar. [9]. By die leerlinge was sy algemeen bekend as „Ou Mrs." of „Ou Missus."

Die kleiner kindertjies het by haar dogter „Miss Philippa", skoolgegaan. Sy was lank van persoon, met rooibruin hare, en 'n swart fluweelbandjie om die hals.

Hoewel hul metodes vandag bestempel sou word as outyds het hul tog deeglike werk gedoen in die skooltjie. „Ou Mrs." sowel as „Miss Philippa", was nie bekwaam in die syferkuns nie, en moes daarvoor die hulp van ouer kweekskoolstudente inroep. Nieteenstaande die gebrek, is die skool deur opvoedkundiges, van die tyd, as uitmuntend beskou. Die tug was streng en waar nodig het die ou dame nie geaarsel om die tugroede te gebruik nie, met geen sagte hand. [10]. Hierdie skooltjie het die hoeksteen gevorm van die latere beroemde Bloemhof Hoërskool vir dogters.

---

9). Mev. Ds. Pienaar : Ella Neethling. p.15.
10). Gedenkboek van Het Victoria College p.153.

Behalwe hierdie skooltjie van mev. McLachlan was daar ook nog 'n „Infant School", waar 'n ou Engelse dame kinderliedjies en speletjies aan haar handjievol klein kindertjies geleer het. Verder het 'n sekere mev. Proctor privaat les in musiek gegee.

Teen hierdie tyd het die belangstelling in die opvoeding en onderwys ook steeds groter en sigbaarder afmetings aangeneem. Reeds op 31 Januarie 1874 kon die Stellenboschse Korrespondent van „De Zuid-Afrikaan" rapporteer dat „de belangstelling in de zaak der opvoeding hier dagelyks warmer wordt".

Die tyd het ryp geword vir daadwerklike optrede toe mev. McLachlan vroeg in 1874 haar voorneme te kenne gegee het om die onderwys vaarwel te sê om gesondheidsredes.

Dr. Dale, die nuwe Superintendent-Generaal van Onderwys, was gekant teen die privaat skooltjies en het reeds by die verantwoordelike persone op Stellenbosch aangedring om vir die dogters net sowel as vir die seuns 'n publieke skool op Stellenbosch te stig. Professor Hofmeyer het egter beswaar teen hierdie voorstel gemaak, omdat hy nie daaraan kon dink „to establish a public school in opposition to any of the existing schools",[11]

Professor Hofmeyer het toe aan die hand gedoen, dat die beste oplossing sal wees om met mev. McLachlan in verbinding te tree en met haar te onderhandel met die oog om haar skooltjie in 'n publieke skool om te skep, waarin sy en haar dogter dan as onderwyseresse opgeneem sou word. In werklikheid

---

11). S.G.E. 1/31. Korrespondensie Supt. Gen. van Onderwys, 19 Feb. 1874. Briewe ontvang.

UNIVERSITEITSBIBLIOTEEK

het professor Hofmeyer reeds voor hy hierdie voorstel gemaak het 'n onderhoud met mev. McLachlan gehad, en sy het volkome met die plan saamgestem. 12).

In sy brief aan dr. Dale het prof. Hofmeyer sy toestemming tot hierdie stap gevra, en ook inligting, hoe hul verder te werk moes gaan. Dit is baie duidelik dat die geseghebbende persone in Stellenbosch van die begin af vasbeslote was om 'n deeglike inrigting op te rig, want reeds in hierdie brief gee prof. Hofmeyer te kenne dat hul daarvan sal hou „to place a superior person at the head of the school". Vir so 'n uitstaande persoon sou hul ten minste £150 per jaar moet betaal, derhalwe dring prof. Hofmeyer by dr. Dale daarop aan dat die parlement beweeg word om die helfte van hierdie salaris by te dra, want „is is not a fact that the civilization of a people depends more upon the culture of the women than of the men ?" 13)

Dr. Dale het nie lank op hom laat wag nie. Reeds die 4de Maart 1874 skrywe hy 'n brief aan prof. Hofmeyer waarin hy hom aanraai om nie oorhaastig te werk te gaan nie, maar eers 'n publieke vergadering byeen te roep om die gevoelens van die publiek te toets, en daarna weer met hom, dr. Dale, in verbinding te tree.

Dieselfde dag waarop hierdie brief aan professor Hofmeyer gestuur is, het hy 'n brief aan ds. J.H. Neethling gestuur waarin hy hom van mev. McLachlan se voorneme kennis gee. Die

---

12).S.G.E. 1/31. Korrespondensie. S.G.O. Briewe ontvang : 19 Feb. 1874.
13). Dieselfde. 4 Maart 1874.

brief lui as volg:-

Stellenbosch,

4 Maart 1874.

Waarde Broeder,

Mrs. McLachlan heeft my medegedeeld dat haare krachten haar niet langer toelaten aan't onderwys der jeugd deel te nemen. Het zou haar echter smarten, zoo zy haare school ontbind, de kinderen zich te zien vertrooiyen, en mischien in minder geschikte handen vallen. Zy wenscht daarom dat eene publieke schoolcommissie hare school uit hare handen wilde nemen, in welke geval zy het billyk acht dat hare dochter eene der onderwyseressen zyn zal.

Mag ik u verzoeken met eenige vrienden van't onderwys over deze zaak te willen spreken, quarantors voor eene publieke meisjes school te vinden, en te doen wat verder noodig is, om deze zaak op touw te zetten ?

Ik blyve,

De Uwe,

N.J. Hofmeyer.

Dit is op hierdie stadium duidelik dat Prof. Hofmeyer die voorbereidingswerk gedoen het, altans die grootste deel daarvan, maar toe dit op die stadium kom waar dit in die praktyk toegepas moet word skuiwe hy die werk af op die skouers van ds. J.H. Neethling, soos so duidelik blyk uit die laaste paragraaf van gemelde brief.

Net die volgende dag, 5 Maart 1874, het ds. Neethling van mev. McLachlan persoonlik 'n brief ontvang, waarin ook sy hom versoek om die saak verder te drywe. 14). Haar brief lui as volg :

Dear Sir,

Failing health prevents me from much longer continuing the work of teaching.

I feel however very reluctant to discontinue my school so long as I do not know what will become of my pupils.

I will therefore be very glad, if, as you suggested to me, a public school committee would take the school out of my hands and provide for my pupils.

I leave it in your hands to interest others in this matter and bring about the desired change.

I remain,

Yours respectfully,

S.A. McLachlan.

STELLENBOSCH.

5th March 1874.

Ds. Neethling het nie gras onder sy voete laat groei nie en dadelik handelend opgetree. Die vergadering, wat volgens dr. Dale saamgeroep moes word om die publieke opinie te toets het kort daarna, op die 13de Maart, plaasgevind. Die doel van hierdie vergadering was om vas te stel of dit noodsaaklik, en moontlik is om 'n publieke skool vir dogters op Stellenbosch op te rig.

Die heer G. van Rheede van Oudtshoorn is by die geleentheid tot voorsitter gekies. Nadat die brief van dr. Dale van die 4de Maart voorgelees is, is 'n dokument ter tafel gelê waarin drie-en-twintig van die inwoners van Stellenbosch hul verbind het om elke kwartaal 'n gelyke som as die regering in te betaal vir die oprigting van die skool. 15).

Op die vergadering is toe ook besluit om wel dadelik oor te gaan tot die stigting van die skool. Finale reëlings sou die volgende Vrydag, 20 Maart 1874, om 11 uur v.m. op 'n vergadering van quarantors getref word.

Die volgende Vrydag was al die persone wat waarborge gegee het byeen om die „Managers" te kies, en die onderneming van stapel te laat. Die heer van Rheede van Oudtshoorn was weer in die stoel. Op die vergadering is besluit dat die „Board of Managers" uit sewe lede sou bestaan. Elke jaar moes drie van die lede aftree, maar hul sou weer herkiesbaar wees. By die genoemde geleentheid is die volgende persone gekies as die eerste bestuurslede van die publieke meisieskool te Stellenbosch, te wete :

ds. J.H. Neethling.
dr. C. Smuts.
mnr. W.A. Krige.
prof. N.J. Hofmeyer.
mnr. I. Mader.
prof. John Murray.
en mnr. M.L. Neethling.

As reserwelede is gekies mnre. R.I. Crozier en P.M. Fischer. 16)

Volgens ooreenkoms met mev. McLachlan is haar dogter

---

15). S.G.E. 1/31. Korrespondensie S.G.O. Briewe ontvang: 13 Maart 1874.

16). Dieselfde 20 Maart 1874.

Philippa, dan ook as tweede assistente aangestel. Die bestuur het ook besluit om die Prinsipale en die Hoof-assistente uit Amerika, van die bekende inrigting van mej. Mary Lyon, Mount Holyoke Seminarium te ontbied. Aan die hoof van die Hugenote Seminarium te Wellington was ook twee Amerikaanse dames, mejj. Furguson en Bliss. Hul het ook hul opleiding aan die Mount Holyoke Seminarium gehad. Ds. Neethling het dus met ds. Andrew Murray in verbinding getree, en hy het toe die diens van mej. Gilson verkry, wat dan in 1875 hier aankom as hoof van die publieke meisieskool te Stellenbosch, en die pos beklee tot in 1885.

Alles het egter nie so voor die wind gegaan nie, want verskeie stemme het opgegaan teen die stigting van 'n skool vir dogters op Stellenbosch. Volgens die mening van sommige was so 'n skool nie nodig nie, omdat die Rynse skool reeds bestaan het en in die behoeftes kon voorsien. Daar is ook hewig te velde getrek teen die Amerikaanse inslag van die skole. In De Zuid Afrikaan en ander koerante verskyn dan ook herhaaldelik briewe waarin op die nadele van die Amerikaanse stelsel gewys word. In De Zuid Afrikaan van 29 April 1874 verskyn o.a. 'n brief waarin die ouers in 'n warme oproep gewaarsku word om tog die Amerikaanse gees uit die skole te ban.

Selfs na die stigting van Bloemhof het hierdie agitasie in die koerante voortgeduur. So word b.v. in De Zuid-Afrikaan van 25 Desember 1875 smalend van Bloemhof gepraat as die „Amerikaansche Bloementuintje te Stellenbosch."

Nieteenstaande al die teenstand het die bestuur met hul werk voortgegaan. Voordat mej. Gilson hier aangekom het, het die groot brand van 1875 uitgebreek. Die brand het begin i in die werkswinkel van 'n Duitse skoenmaker, Stadlander, waar die woonstelle van Garlick teenswoordig is, in Kerkstraat. Vandaar het die brand vinnig versprei, en teen die aand was vyftig huise in puin en as gelê, onder andere ook die huis van mev. McLachlan, waar sy in skool gehou het. Die „Managers" was nou in die moeilikheid, want die plan was om vireers in die gebou van mev. McLachlan te bly. 15). Die Kerkraad het toe die Gimnasium, in Dorpstraat, wat ook gedeeltelik beskadig was gekoop, en hier het Mej. Gilson in Januarie 1875 haar skool begin met 46 leerlinge. 16).

---

15). S.G.E. 1/31. Mader aan Dale. 11 April 1874.
16). Bloemhof Seminary at Stellenbosch : Toespraak van Prof. Hofmeyer.

HOOFSTUK II.

MEJ. GILSON - DIE EERSTE PRINSIPALE VAN BLOEMHOF.

In Desember 1874 het mej. Juliette Gilson van Amerika gearriveer as die eerste prinsipale van Bloemhof. Sy het haar opleiding gehad in die beroemde Mount Holyoke Seminarium in Amerika. Sy het gekom, om op die voetspoor van mejj. Ferguson en Bliss op Stellenbosch 'n meisieskool te stig op dieselfde model as die Hugenote Seminarium op Wellington. 1).

Om die stelsel wat mej. Gilson hier kom toepas het goed te verstaan, is dit nodig dat ons kortliks die geskiedenis van die Mount Holyoke Seminarium nagaan.

Mary Lyon, die stigster daarvan is in 1797 gebore op 'n klein boereplaas in Amerika en is daar opgevoed deur 'n vrome moeder. Tot haar twintigste jaar het sy van tyd tot tyd soveel onderwys geniet as wat in die omstreke te verkry was vir 'n arm dogter. Daarby moes sy nog vanaf haar agtiende jaar die huislike sorg op haar neem.

In 1821, toe sy al 24 jaar oud was, het sy die skool van eerwaarde Emerson te Byleveld bygewoon. Hierdie skool het 'n baie goeie invloed op mej. Lyon uitgeoefen en haar voorberei vir haar latere werk.

In 1822 word sy assistent in 'n groot skool waar sy vir twaalf jaar werk en waardevolle ondervinding opdoen. In

---

1). Mev. ds. Pienaar : Ella Neethling. p.17.

hierdie twaalf jaar het dit vir haar baie duidelik geword dat daar 'n groot behoefte is aan 'n inrigting vir die opleiding van dogters. Sy was baie streng godsdienstig en het op wonderbaarlike wyse verstaan om by haar leerlinge 'n entoesiastiese strewe na die hoogste verstandelike ontwikkeling te paar met die mees besliste godsvrug. „Eers die koninkryk Gods, en daarna, maar daarna ook seker, alle wetenskap en wysheid", was die leuse van haar arbeid. 2).

Die erbarmlike toestand van die onderwys van die vroulike jeug het haar so aangegryp dat sy in 1824 'n sirkulére uitstuur waarin sy die oprigting van 'n inrigting vir dames in die vooruitsig stel. Hoe sterk sy vir die saak gevoel het blyk uit die volgende woorde : „Gedurende het afgeloopen jaar is myn hart zoo bewogen geweest over de vrouwlike jeugd, dat het my is als een vuur in myne beenderen". 3).

Vanaf 1824 het sy met onvermoeide ywer gewerk om haar doel te bereik. In 1835 het haar organisasie reeds sover gevorder dat 'n komitee gevorm is om die skool te Mount Holyoke, tot stand te bring.

Die volgende is die beginsels waaronder die inrigting tot stand gebring is :

(1) Dit moet onder toesig staan van persone wat lewe vir die hoogste belange van die Kerk.

(2) Het zal geheel Christelyk zyn. By het streven om de allerbeste vrouwlyke opvoeding te geven, zal zyn hoogste

---

2). De Gereformeerde Kerkbode 25 Jan. 1873 No. 2 p.18.
3). Dieselfde No. 3

lof wezen dat het is een school voor Christus." 4).

(3) Die onkoste moet so laag wees dat die meisies uit die armklasse ook die voorreg, waarvan hul nog altyd uitgesluit was, kon geniet.

In Oktober 1836 het sy haar lewensideaal verwesenlik gesien toe die hoeksteen van die gebou gelê is. In November 1837 het sy haar skool begin met 80 leerlinge, maar toe die gebou voltooi was, het sy plek gehad vir 220.

Die godsdienstige toon het altyd in die skool botoon gevier, selfs na haar dood in 1849.

Uit hierdie beroemde inrigting het Bloemhof se eerste prinsipale en die meeste van die staflede, wat die fondamente van Bloemhof gelê het, gekom.

Mej. Gilson het 'n gulle ontvangs gehad by haar aankoms op Stellenbosch. Teen die tyd was daar nog nie 'n kosinrigting aan die skool verbonde nie, en gevolglik het mej. Gilson en die eerste kosgangers hul intrek in die pastorie by ds. Neethling geneem. Volgens ds. Neethling se dogters, met wie ons in verbinding was, was die groot pastorie, waar dr. Snyman nou woon, soms so vol dat hul as kinders nie altyd geweet het waar om hul te wend nie. Ds. Neethling het egter niks toegelaat om hom in sy groot taak te dwarsboom nie.

Mej. Gilson is dus ook na die pastorie gebring by haar aankoms. Aan weerskante van die stoeppaadjie, wat lei na die pastorie, het daar 'n skaar van skoolkinders gestaan. Na

---

4). De Gereformeerde Kerkbode. No.3.

'n tydjie het mej. Gilson vergesel van ds. Neethling en lede van die skoolkomitee hul verskyning in die hekkie gemaak. Terwyl mej. Gilson deur die ry kinders stap het hul haar onder leiding van mej. Philippa, toegesing: „Come let us all unite to sing - God is love".

Toe sy by die voordeur van die pastorie kom, is sy hartelik verwelkom.

Die 26ste Januarie 1875 is Bloemhof formeel geoepn, en het mej. Gilson haar belangrike werk begin. Onder die 46 kinders wat teenwoordig was by die opening was daar sewentien seuntjies, wat nog te jonk was om in die Gimnasium opgeneem te word. Eienaardig genoeg, het daar nie baie mense opgekom vir die opening nie. Behalwe die komiteelede was daar net 'n paar ander dames en here.

Om halftien het professor Hofmeyer die skool geopen met 'n gebed en die lees van Psalm 133. Daarna het hy die kinders toegespreek. 5). Vervolgens het hy hom tot mevl McLachlan gewend en die dank van die bestuur aan haar oorgebring vir haar troue dienste.

Namens die ouers het ds. Neethling haar 'n adres aangebied, waarin hul haar lof toeswaai en bedank het vir die getrouheid aan die dag gelê gedurende die tyd wat die skool onder haar sorg was. Namens die ouers is haar toe 'n tjek van £26 oorhand

Op gevoelvolle wyse het die ou dame geantwoord, en dit benadruk dat sy nie die werk gedoen het met die oog op die mens

---

5). De Zuid Afrikaan. 30 Jan. 1875.

nie, maar onder die besef dat sy dit vir die Here doen. 6).

Mej. Gilson is in die begin bygestaan deur mej. Philippa McLachlan en mej. Fischer van die Hugenote Seminarium. 7).

Mej. Gilson was 'n uitstekende onderwyseres, dit is die eenparige getuie van al haar oud-leerlinge wat nog lewe. Sy was 'n baie goeie organiseerder, en het baie gou die hele stelsel van onderwys soos dit toe op Stellenbosch bestaan het, behoorlik gerangskik en op vaste bodem geplaas. Baie spoedig het beide Blomhof dag- en kosskool, wat vroeg in 1875 geopen is, die bewondering afgepers. Die geboue en meublement van beide inrigtings was uitstekend.

Volgens mev. Heyneke ons meedeel het mej. Gilson by die opening van die skool, al die kinders in een klas gesit, en na drie maande het sy 'n eksamen toegepas en die wat geslaag het het sy opgeskruiwe na die hoër klas. Daar was dus na drie maande slegs twee klasse in die skool. 'n Jaar na Bloemhof gestig is, het mej. Gilson 'n kindertuin klas gestig, en vir die doel het mej. Ingraham uit Amerika gekom. In die ou Gimnasium gebou was nie plek vir die kindertuin afdeling nie en daarvoor is toe kamers gehuur in die huis in Dorpstraat 52.

Die kursus in Bloemhof het mej. Gilson dus as volg ingerig. Die heel kleintjies is na die kindertuin en vandaar na 'n ander klas. Uit hierdie klas het hul 'n voorbereidende kursus gevolg wat drie jaar geduur het, die sogenaamde „Elemen-

---

6). De Zuid-Afrikaan. 30 Jan. 1875.
7. De Kerkbode. 6 Febr. 1875. p.38.

tary Course". As mej. Gilson dan van oordeel was dat die leerling goeie vordering gemaak het, is hul toegelaat tot die sogenaamde „Regular Course", wat ook drie jaar geduur het. Tot hierdie kursus is geen meisie toegelaat nie, tensy sy in elke vak bevrediging gegee het. Aan die einde van drie jaar in so'n klas word dan aan die leerling 'n diploma toegeken. 8).

Naas hierdie kursus was daar ook nog die sogenaamde „Teacher's Course", wat net na die „Elementary Course" gevolg het, en ook drie jaar geduur het.

Getrou aan haar opleiding in die Mount Holyoke het mej. Gilson altyd die godsdienstige agtergrond in Bloemhof gehandhaaf. Elke dag is 'n halfuur aan Bybelstudie gewy, behalwe Woensdae wanneer dit 'n uur geduur het. Prof. John Murray het meermale getuig van die grondige kennis wat die meisies in die Hoër kursus gehad het van die sendbriewe van Paulus. 9).

Ons haal aan wat een van haar leerlinge van hierdie Bybelonderrig getuig: „Ons het die Bybelonderwys by wyse van onderwerpe gedoen - en in die biblioteek op Bloemhof was daar baie boeke wat ons daaromtrent moes bestudeer. Vandag nog bly die boeke van Jesaja en Jeremia vir ons iets besonders - die geskiedenis van die tye waarin die twee Profete geleef en gewerk het, die omstandighede van die tyd, die verhouding van wat hulle geskrywe het teenoor ander dele van die Bybel - dit alles kan ons nie juis onder woorde bring nie, maar die Bybel was vir ons 'n lewende boek ! Dit was asof daar voor ons oog 'n gekleurde skildery gehang het van al die verskillende karakters

---

8). Mev. ds. Pienaar : Ella Neethling. p.18.
9). Dieselfde. p.18.

van die Bybel - en hulle het geleef!" 10).

Ook mev. Heyneke (Alida de Wildt) getuig van die egte godsdienssin by mej. Gilson. Elke Woensdagnamiddag het sy 'n biduur met die dogters gehou. By die geleentheid het sy dan kans vir vrywillige gebede gegee, maar ook dikwels die name genoem van die dogters wat in die gebed moes voorgaan. Ook „De Kerkbode" van 6 Februarie 1875 skrywe oor die pasgestigde meisieskool en moet erken, dat „de godsdienstige toon en godsdienstig onderwys in deze school, de taal-, aardryks-, en syferkunde, alsmede de zorg aan elk tot het kleinste kind besteed, hebben wy zeer bewonderd".

Mej. Gilson was ook 'n ware ondersteuner van die Sending en sy was die stigster van die Bloemhof Sendingvereniging. Volgens onbevestigde verklarings het mej. Gilson haar dan ook nadat sy Bloemhof verlaat het, aan die sendingsaak gewy.

Mej. Gilson was nie net godsdienstig nie, maar het 'n verbasende kennis besit. Mev. Pienaar verseker ons dat mej. Gilson sonder uitsondering die knapste dame was wat sy al ooit ontmoet het. Sy het 'n verbasende geheue gehad en die omvang van haar kennis was net so groot. Alhoewel sy meer wetenskaplik aangelê was, het sy ook buitengewone kennis van letterkunde gehad. Rekenkunde was haar stokperdjie.

Mej. Gilson was egter nie volmaak nie. Sy was baie kwaai, veral in haar latere jare het sy die meisies regeer met 'n „ysere roede". Sy het haar bes gedoen om die werk te verduidelik, maar as die meisies dit dan nog nie begryp het nie, het sy streng opgetree en baie sarkasties geword.

23/..

10). Mev.ds. Pienaar : Ella Neethling. p.19.

Opvoedkundiges - veral sielkundiges - sal seker nie orals met haar optrede akkoord gaan nie. Wee die meisie wat die dag nie al haar algebra somme reg het nie. As mej. eers op die tande begin byt en begin berispe, was dit genoeg om menige waarheidsliewende meisie leuns te laat vertel.

Wanneer die dagskoliere verbrou het gedurende die week moes hul Saterdae in Bloemhof kom sit en hul agterstallige werk doen. Dikwels het mej. Gilson dan uitgegaan eh hul daar vergeet. So vertel mev. Heyneke van 'n geval waar dit die agtermiddag so laat geword het dat mej. Ingraham later vir hul kos gebring het en toe maar laat loop het.

Mev. Pienaar het ook 'n geval te boek gestel, waar mej Gilson baie ontaktvol opgetree het. Ella Neethling, die dogter van ds. Neethling, was linkshandig. Eens op 'n dag was hul wee besig met rekenkunde. Mej. Gilson het die somme op die swartbord verduidelik en dit toe weer dadelik uitgevee. Die dogters is toe uitgeroep om elkeen die somme op die bord uit te werk. Hul moes kompiteer om te sien wie die gouste klaar is. Ella he dadelik met die linkerhand weggeval - hopende dat mej. Gilson di nie sal opmerk nie. Sy het altyd alles raakgesien, en skielik kom die stem baie beslis, dog beleefd, „sal Miss Ella so goed wees om die hele som uit te vee, en weer oor te doen, en die kee met die regterhand". Ella moes maar gedwee die som uitvee en met die regterhand aansukkel, met die gevolg dat sy nie klaargekry het nie, en die werk na skool moes voltooi. [11].

---

11). Mev. ds. Pienaar : Ella Neethling. p.21.

Die ouers was soms baie ontevrede oor haar eienaardigheidjies. In die tyd het die mode posgevat dat die meisies hul hare op die voorkop afsny, maar mej. Gilson kon dit eenvoudig nie veel nie. Sy het gewoonlik 'n borsel saamgebring na die skool en die hare van die voorkoppe van die dogters weggevee, met die gesegde daarby, dat as die Here leeus van hul wou gemaak het, Hy hul maanhare sou gegee het. 12).

In daardie dae het Bloemhof nog nie 'n skooldrag gehad nie en die rokke met die baie kantversiersels wat toe in die mode was, het haar lelik in die krop gesteek. Sy kon maar nie die „common lace" verdra nie. Dit het haar so gehinder dat sy 'n sekere mev. French gekry het om vir die dogters te kom leer hoe om „point lace" te maak, sodat hul tog kon ophou om die „common lace" te dra. Die gare, breidings en bandjies wat daarvoor nodig was, was egter so duur dat die ouers dit nie kon bekostig nie, sodat sy gou dit weer moes staak. Dit moes voorwaar moeilik gewees het om haar geheel en al te bevredig. Dit verbaas ons dan ook nie dat die dames wat in 1882 diplomas ontvang het, heeltemaal oorbluf was om die volgende woorde van haar te hoor: „I am quite satisfied with you". Mev. Pienaar skrywe, „Wat 'n wonderlike ding vir haar, om geheel en al tevrede met ons te wees". 13).

Nieteenstaande haar menslike swakhede was mej. Gilson ongetwyfeld die uitgesogte persoon om die grondslae van Bloemhof

---

12). Herrinneringe van mev. Heyneke.
13). mev. ds. Pienaar: Ella Neethling. p.24.

te lê. Haar deeglikheid en innige godsvrug was twee karakter-eienskappe wat daartoe bygedry het om van Bloemhof 'n sukses te maak en die fondamente heg te lê vir die felle aanslae wat sou volg.

Ons sluit hierdie hoofstuk af met die getuienis van een van haar eerste leerlinge mev Heyneke en De Kerkbode van 18 September 1875.

Mev. Heyneke skrywe van haar as volg: „Miss Gilson was 'n goeie mens en 'n goeie Christin, en sy wou goeie mense en goeie burgeresse maak van die wat aan haar sorg toevertrou was. Sy was die baanbreker op menige gebied. Bloemhof se fondament is goed gelê en die wat nog leef, wat deur Miss Gilson onderrig was, sal nog altyd met liefde en waardering aan haar dink".

Die Kerkbode praat van die onderwys op Bloemhof „als voortreffelyk" en spreek vertroue in mej. Gilson uit want „hare opvoeding en getuigschriften verzekeren ons van hare bekwaamheid, en allen, die haar gedurende die maanden, die zy in Zuid-Afrika heeft doorgebracht, hebben leeren kennen, gevoelen zich overtuigd, dat zy uitnemend geschikt is om het doel der Inrichting te behalen, en degenen, die haar zullen toevertrouwd worden, een gelukkig, nuttig en, met Gods genadige hulp, voor de ziel gezegend verblyf te bereiden".

HOOFSTUK III.

DIE EERSTE JARE VAN BLOEMHOF. 1875 - 1895.

Soos ons reeds in vorige hoofstukke aangedui het, was Bloemhof by die stigting in Dorpstraat gehuisves in die ou Gimnasiumgebou. Die Gimnasium het toe al verhuis na Pleinstraat, waar die Polisiekantoor tans is.

Mej. Gilson het baie gou ingesien dat dit nodig sal wees om voorsiening vir die kindertuin afdeling te maak, en reeds in Maart 1875, skrywe die Sekretaris van die Bloemhof skoolkommissie aan dr. Dale 'n brief waarin hy kennis gee dat hul na Amerika geskrywe het om 'n kindertuinonderwyseres teen 'n salaris van £80 per jaar. [1]. Die 30ste Maart het die Onderwysdepartement die handelwyse goedgekeur. Daar het byna 'n jaar verloop voordat die kindertuinonderwyseres uit Amerika aangekom het. Sy was mej. Ingraham, die latere welbekende mev. Jannasch. Sy was meteens bemind deur almal. Sy het 'n wonderlike slag met kleintjies gehad en het 'n goeie invloed op hul uitgeoefen.

Daar het al spoedig moeilikheide ontstaan in verband met die toelating van seuns tot die meisieskool. Volgens die inspekteurs rapport van 28 April 1875, d.w.s. net 'n paar maande na die opening van Bloemhof, was daar sestig kinders in die skool en van hul was net 36 dogters en die res was almal seuns.[2] Dr. Dale was ontevrede oor die toestand, en skrywe die 28ste

1). S.G.E. Letters Received 1/36. 27 Maart 1875.
2). S.G.E. Letters Despatched 2/20. 28 April 1875. p.427.

April 1875 'n brief aan ds. Neethling, waarin hy daarteen beswaar maak. Hy verstaan heeltemal dat daar in die Voorbereidingsafdeling seuntjies opgeneem kan word, tewens, „such a Preparatory Department is more fitly attached to your Girls' School than to any other", maar dan alleen tot die ouderdom van sewe of ag jaar. Daarna moet die seuns na die Gimnasium gaan en die dogters na die meisieskole. 3). Die „Board of Managers" het die posisie probeer verduidelik, maar dr. Dale was blykbaar nie met die verduideliking tevrede nie, want die 16de Junie 1875 skrywe hy weer 'n brief aan ds. Neethling waarin hy dreig om alle goewermentsteun te onttrek indien seuns in die vervolg weer toegelaat word. „The admission of little boys into the Preparatory Department may be excusable so long as there is no other provision for them, but the admission of boys generally into the Girls' School would be a bar to any government aid", omdat dit teenstrydig sou wees met die onderwyswet. 4).

Dr. Dale het hul egter in soverre tegemoet gekom, dat hul toegelaat is die tydelike reeling te handhaaf totdat die ontwikkeling van die skool die „Managers" in staat sou stel om die Voorbereidingsafdeling heeltemaal van die Meisieskool te skei.

Hierdie voorbereidingsafdeling het ook baie vinnig uitgebrei. Reeds in die begin van 1876 het die voorbereidingsafdeling alleen, al 51 leerlinge getel, en toe is nog meer kinders verwag. Mej. Ingraham kon nie meer almal behartig nie en

---

3). S.G.E. Letters Despatched 2/20. Vol. 18. 28 April 1875. p.427.

4). S.G.E. Dieselfde. 2/21. Vol. 19. 16 Junie 1875. p.71.

daarom doen prof. Hofmeyer aansoek by dr. Dale vir die aanstelling van 'n tweede onderwyseres. Hy vra ook terselfdertyd toestemming om die Voorbereidingsafdeling in twee te deel, omdat dit noodsaaklik is om die ouer en jonger kinders te skei indien hul die Kindergarten sisteem behoorlik ten uitvoer wil bring. Volgens die nuwe reelings, wat die 5de Februarie 1876 in werking getree het, is die skool verdeel in drie afdelings naamlik, „Preparatory Department", die „Intermediate Department" en die „Higher Department", met 'n eie hoof vir elke afdeling. Mej. Ingraham het opgetree as hoof van die „Preparatory Department", en mej. Philippa McLachlan is aangestel as hoof van die „Intermediate Department, terwyl mej. Gilson opgetree het as hoof van die „Higher Department". Al hierdie departemente het egter onder die toesig van mej. Gilson gestaan.[5]

Dr. Dale het sy toestemming tot hierdie reeling verleen [6] en in 'n brief gedateer 17 Februarie 1876 het die „Board of Managers" hom bedank vir sy bereidwilligheid „to help us in our effort to make the girls' school of Stellenbosch as efficient as possible." [7].

Reeds in Mei 1876 is voorsiening gemaak in die Meisieskool vir die seuns wat die Voorbereidingsklasse voltooi het, maar nog te jonk was om in die Gimnasium opgeneem te word. Vir hul is 'n skool geopen in die gebou waar nou die Pro-Ecclesia

5). S.G.E. Letters Received 1/38. 17 Februarie 1876.
6). S.G.E. Letters Despatched 2/22. 16 Feb. 1876. Vol.20. p.136.
7). S.G.E. Letters Received 1/38. 17 Feb. 1876.

Drukkery is. Hul onderwyseres was mej. Steele, In hierdie skool het onder andere skoolgegaan dr. J. Bosman, een van ons plaaslike geneeshere, mnr. Wakkie Krige, oud-burgemeester van Stellenbosch en mnr. George Rowan.

Bloemhof het van krag tot krag gegaan. Volgens die derde jaarverslag van die Publieke Meisieskool se aandeelhouers, het die skool reeds in 1878 in 'n bloeiende toestand verkeer. Elf leerlinge kon reeds met goeie gevolg deelneem aan die laasgehoue Elementêre Universiteits-eksamen. 8).

Mej. Gilson en haar wakker „Board of Managers", het ook alles in hul vermoë gedoen om die skool 'n sukses te maak. Die 2de Maart 1878 skrywe mej. Gilson 'n brief aan dr. Cameron waarin sy aansoek doen vir die instelling van 'n Naaldwerk departement in verband met Bloemhof. Sy was toe reeds in verbinding met 'n Skotse dame en meen sy sal daarin slaag om haar dienste te verkry. Duidelik en oortuigend sit sy hul redes uiteen vir hierdie stap. „We are anxious to send forth our young ladies fitted as far as possible for all the duties which may come to them in after life; and in a Colony like this an Education, having reference to the cultivation of the mind alone, seems very deficient. 9).

Teen 1878 het die skool al 120 leerlinge getel en daar was maar nog 5 onderwyseresse, alhoewel die werksaamhede van die skool vinnig uitgebrei het. Prof. Hofmeyer het dus sterk aangedring op meer leerkragte. Hy wys daarop dat die

8). De Kerkbode. 3 Februarie 1878. p.39.
9). S.G.E. Letters Received. 1/52. 2 Maart 1878.

onderwyseresse alleen hul werk met die uiterste inspanning kan doen. „The Principal especially laboured beyond her strength."[10] Die „Board" het die keer nie hul toevlug tot Amerika geneem nie, omdat dit nog te lank sou duur, en het mej. Anna Murray en mej. Lucy Charters tydelik aangestel.

Die skool het ongelooflik vinnig gegroei, want in 1878 was die getalle 120 leerlinge en net die volgende jaar het dit gestyg tot 149 en in 1881 die mooi getal van 209 bereik.

In die middel van 1879 is mej. Gilson met ses maande verlof na Europa. Van hierdie geleentheid het sy gebruik gemaak om op hoogte van sake te kom en het onder andere skole in Engeland besoek. Mej. Ingraham het in haar afwesigheid as hoof opgetree.

Dit sal ons seker interesseer om te sien watter vakke teen 1879 op Bloemhof alreeds gedoseer is. Volgens die verslag van die 5de jaarlikse eksamen blyk dit dat die leerplan nogal baie uitgebreid was. Die jaarlikse eksamens het in die skoolsaal plaasgevind en is opgeluister met musiekitems. Die dogters is by die geleentheid geeksamineer in die volgende vakke:- Bybel Geskiedenis, Engelse Geskiedenis, Ou- en moderne geskiedenis, Hollands, Engels, Botanie, Latyn, Geografie, Frans, Rekenkunde en Musiek. Sommige van hierdie vakke was keusevakke. Al die leerlinge het Engels geleer, maar Hollands was nie verpligtend nie, alhoewel die meerderheid van die leerlinge beide tale geleer het.

---

10). S.G.E. Letters Received. 1/52. 6 Augustus 1878.

Volgens verslae van die S.G.O. het daar b.v. in 1879 134 leerlinge Hollands geneem, terwyl almal d.w.s. 149 Engels geneem het.

Die afneem van die eksamens het altyd groot belangstelling geniet. De Kerkbode van 21 Julie 1877 berig die volgende van die eksamen van die jaar: „De Eksamen gaf groote voldoening". Die aand was daar ook 'n soirie te Bloemhof. „De opkomst was talrÿk, en de recitaties en lezingen uitmuntend. Ook het zingen was vrÿ goed, en de pianostukken gaven veel genoegen." 11).

Alhoewel ons nog altyd, tot op hierdie stadium van die Publieke Meisieskool as „Bloemhof" gepraat het, moet ons egter nou daarop wys dat die skool nooit offisieël Bloemhof genoem is nie, maar alleen die kosinrigting. Die skool was bekend as die „Girls' Public School". Dit wil voorkom asof die skool tog ook alreeds vroeg onoffisieël Bloemhof genoem is, alhoewel dit nooit offisieël erken is nie. Reeds in 1876 nooi mej. Gilson vir dr. Dale uit na die publieke eksamens en in die brief praat sy van die skool as Bloemhof. 12). In 1879 vra Mej. Gilson in 'n brief aan dr. Dale dat die Meisieskool in die vervolg Bloemhof genoem sal word en dat Girls' Public School op die sertifikate vervang sal word deur Bloemhof. Dr. Dale het egter nie aan die versoek voldoen nie, maar het tog ingewillig dat Bloemhof by die naam gevoeg kon word. Die skool sou dus vanaf 1879 bekendstaan as die Girls' Public School

11). De Kerkbode. 21 Julie 1877. p.237.
12). S.G.E. Letters Received 1/38. 12 Junie 1876.

(Bloemhof) Stellenbosch. Alhoewel Bloemhof nooit as die offisiële naam erken is nie, is die skool tog vandag algemeen bekend as Bloemhof en nie die kosinrigting as sodanig nie.

Die jaar 1881 was 'n vername jaar in die Geskiedenis van Bloemhof. In hierdie jaar het die eerste twee leerlinge hul kursus voltooi, en was hul gereed om hul „Alma Mater" te verlaat. Onder die bekwame leiding van mej. Gilson en haar staf bestaande uit 12 Amerikaanse en een Hollandse dame was hierdie twee leerlinge t.w. Mimmie Hofmeyer en Flora Sweeney in staat om die hele kursus wat Bloemhof aangebied het suksesvol te deurloop. 13).

Die afskeidsfunksie sou op die 22ste Junie 1881 plaasvind. Die pragtige saal is mooi versier met klimop en blomme. Op die groot verhoog, tot op die hoogste bank, sit al die meisies van die driejarige kursus. Voorlangs sit die onderwyseresse. Langs die muur op 'n kleiner verhoog het die twee teologiese professore en die lede van die Skoolkomitee plaasgeneem. In die saal is al die jonger kinders, absoluut stil en ordelik, asook 'n hele aantal ouers en besoekers. Presies om 9 uur gaan die deur oop, en Mimmie Hofmeyer en Flora Sweeney, deftig gekleed stap binne en neem plaas op twee stoele reg voor die verhoog. Die verrigtinge word geopen met gesang, gebed, die lees van 'n gedeelte uit die Bybel en 'n weldoordagte toespraak. Die koor, onder leiding van mej. Wright het die verrigtinge herhaaldelik opgehelder deur pragtige musiek. Die leuse vir die jaar, pragtig vervaardig deur mej. Perkins, die kunsonderwyseres

13). Mev. ds. Pienaar : Ella Neethling. p.22.

word oopgerol en toon die woorde daarop in Engels: „As seeing things invisible". Hierdie leuse was dan ook die teks waaroor prof. Hofmeyer sy inspirerende rede gehou het.

Gelukkig is hierdie rede in pamflet vorm uitgegee en kon ons nog een in die hande kry. By die aanvang van sy toespraak het die redenaar gewys op die belangrike mylpaal wat bereik is. „It closes the first important chapter in the history of this school; and faith, seeing things invisible, fondly hopes that it opens a new, still more important chapter," het hy verklaar. Daarna het hy daartoe oorgegaan om 'n terugblik te werp oor die pad wat hul reeds gekom het, en al die moeilikhede wat reeds oorwin is. Omdat hul van die begin hoog gemik het, alhoewel die begin klein was, het God hul werk met sukses bekroon en derhalwe ag hul dit hul plig „to be always advancing forward and upward."

Vervolgens het prof. Hofmeyer gepraat oor die doel en strewe van die Bloemhofskool en baie duidelik en treffend uiteengesit wat die mikpunt van die „Board" was en nog is met die stigting van Bloemhof. Ons laat hier prof. Hofmeyer self aan die woord:-

„A beautiful path of usefulness widens before us. Gradually our institution is developing a distinctive character, of which I trust it need never be ashamed; while humbly taking its position among the foremost institutions which, in this and in other places of this Colony, are engaged in the noble work of raising the education of our daughters.. The intellectual,

moral and religious standard of our daughters will always be the indication of the intellectual, moral, and religious character of our people; and I trust that this Seminary will ever have the wisdom to educate its pupils on a broader basis than can be supplied by Government examinations. I believe that I have the assent of all teachers present here, when I say that Government examinations may stimulate, but must never control, the higher education of our sons and daughters. There is no influence so injurious and deteriorating, yea, corrupting, to both teachers and pupils as to work under no higher stimulus, and within no broader limits, than those derived from Government Examinations. As to the Bloemhof Seminary, if the government examinations should stand in the way of our leading our pupils on to the wider range of studies prescribed in our Regular Course, we would rather see them dropped from our programme of work, than have them narrowed our views, and thus contribute to the narrowing of the minds of our pupils.

How could we dare to inflict this injury upon them, while reflecting that many of them will fill the most responsible positions in domestic and social life; that they are taught here that all of them, each in her measure, are expected to contribute to the highest good of our people, that our teachers endeavour to inspire them for the work of educating our rising generation; and that from this young institution at least thirty have gone forth, who have been or are still engaged in private or public teaching ?

We believe that the moulding of the character of the future generation depends more on the mothers and daughters, than upon the fathers and sons, of South Africa. The education of our daughters is such an awfully sacred matter, that we must either withhold from it, or strive after the realization of the very highest ideal we are capable of conceiving."

Hierna het prof. Hofmeyer hom tot die twee leerlinge gewend en hul op gevoelvolle wyse gelukgewens en toegespreek, en hul daarop gewys dat in Bloemhof nooit pryse uitgedeel is vir getroue werk of goeie gedrag nie, omdat die doel van die onderwyseresse was om die edele drange by die dogters tevoorskyn te bring. Hul moet dus nie die Diplomas as belonings beskou nie, maar as bewyse dat hul in die Bloemhof Seminarium die wedren gehardloop het en die einddoel bereik het.

„As to yourselves, these documents, whenever you look at them, will speak of things invisible to others. They will open to you a vista through which the eye of a grateful memory will fondly dwell on things beautiful to behold. They will unfold to you the interesting chapter of your lives, commencing with your entrance into Bloemhof Seminary, and closing with the graduating day. Then your mind's eye will be fixed on the page in this chapter, written with golden letters, recording the tender care of your friends, the loving zeal of your teachers, the lofty ideals unveiled to your inward vision, the high aspirations and noble resolutions awakened in your hearts, and above all the vows of consecration to God and Christ, uttered in

those sacred moments, when God's spirit revealed to you the love of your Savious, hushed your soul into peace, warmed them into love, and subdued them into awe and adoration.

And while these documents will ever speak to you of these invisible things of the past, I trust they will never reproach you on account of the dulness of sight in regard to things invisible around, before, and above you. Let your future lives be shaped into agreement with the motto of this our graduating class: "As seeing things invisible". While seeing things invisible in nature, let them reflect to you the kind and beautiful face of your Father in Heaven, and fan in your hearts the flame of filial devotion. While seeing the things invisible in the history of mankind, let them echo to your trembling spirits the stern voice of a righteous God. While seeing things invisible in your Bible, let them unfold to your wondering minds the gracious and glorious purposes of your God and Saviour. While seeing things invisible in the daily routine of domestic and social duties, let them interpret to you the will of a ever present God. While seeing things invisible in your joys and trials, let this life become to you the preparation for a better one. While seeing things invisible up Yonder, where this better life will beautifully unfold itself, let your souls catch the light beaming from the face of God.

The great object of your training here has been to help you to discover the imperishable glory dwelling in every

object God has made, and in every word God has spoken, and so to look at it, that you may be transfigured after the likeness of His glory, in thought and word and act. Thus you may run the race your God has prescribed for you, and, at last, in the presence of saints and angels may you be crowned with the 'Crown of Victory', and receive the testimony of God that you have been good and faithful servants. May this auspicious moment be to you the foreshadowing of this culminating act in God's gracious dealing with you."

Na hierdie inspirerende toespraak van prof. Hofmeyer het die twee dames hul opstelle gelees. Dit was gebruiklik dat die gradueerders elk vir die geleentheid 'n opstel moes skrywe en dan die dag dit voorlees. Die program is verder opgeluister met resitasies en ander oefening. As slot van die verrigtinge is dan aan elk van die dames 'n diploma oorhandig. Voorwaar 'n groot dag!

Gedurende die bestaan van Bloemhof is daar al herhaalde pogings aangewend om die skool en die Rynse skool te amalgameer. Reeds by die begin, toe Bloemhof gestig is, was daar 'n gedagte dat die twee skole baie nou kan saamwerk. Hierdie gedagte is versterk deur die goeie verstandhouding wat daar bestaan het tussen die stigters van Bloemhof en die Rynse Sendinggenootskap. 14). Daar is voorgestel dat die takke so gerangskik moes word, dat die Publieke Skool 'n meer elementêre karakter sal hê, terwyl die Rynse instituut die Hoër onderwys sal

---

14). S.G.K. Miscellaneous Letters. 1/139. 1892.

sal waarneem. [15]. Hierdie voorstel is egter nie aanvaar nie, en daarop is besluit dat beide skole op aparte lyne sou ontwikkel.

'n Ander voorstel is aan die Rynse skool gedoen, dat hul moet saamwerk op die basis soos ooreengekom met die Gimnasium. Hierdie voorstel het die volgende ingehou:

(a) Die Bloemhofskool neem die geboue van die Rynse skool oor teen 'n prys deur arbitrasie vasgestel.

(b) Ag dogters van Rynse sendelinge sal gratis onderwys ontvang.

Twee van die drie Suid-Afrikaanse kuratore, eerw. Alheit en eerw. Esselen was ten gunste van amalgamasie, en ook die Raad in Duitsland het hul toestemming daartoe verleen, maar die poging het weer misluk, omdat 'n aantal van die Rynse sendelinge in Suid-Afrika daarop teë was.

In 1885 het omstandighede daartoe gelei dat die Rynse Sendinggenootskap in Duitsland die Bloemhof Skoolkomitee weer genader het met die oog op amalgamasie. Dr. Schreiker, die Superintendent van die Rynse Sendinggenootskap, skrywe in Maart 1885 van Barmen 'n brief waarin hy vra vir nuwe samesprekings in verband met samewerking of amalgamasie. Hy wys daarop dat die gerug as sou ds. Neethling en prof. Hofmeyer tydens hul besoek in Europa die saak aangeroer het, heeltemal onwaar is, omdat die inisiatief uitsluitlik van hul gekom het.

Die Bloemhof-komitee was weer gewillig tot samewerking maar die Duitse sendelinge in Suid-Afrika het weer 'n stok in die wiel gesteek.

39/..

15). S.G.E. Miscellaneous Letters. 1/39. 1892.

Gedurende die jare 1890-1891 is 'n vierde poging aangewend om die skole te amalgameer. Deur die bemiddeling van M.L. Neethling - 'n vriend van die Rynse instituut - is 'n vergadering belê tussen die Bloemhof Skoolkomitee en 'n komitee benoem deur die Rynse Instituut. Op hierdie vergadering is eenstemmigheid bereik ten opsigte van die wenslikheid om tot amalgamasie oor te gaan, en ook om die waarde van die geboue deur arbitrasie te laat bepaal.

Die arbiters van die Rynse komitee het die volgende valuasie ingestuur, t.w. £5,000 vir die geboue, £1,000 vir die meubels en £1,000 vir die „goodwill". Die valuasie van die Bloemhof skoolkomitee - soos vasgestel deur mnr. P. Bosman, Burgemeester van Stellenbosch, en mnr. J.M. Beyers, lid van die Munisipaliteit, het £1,900 beloop. Hierdie valuasie het ooreengestem met die van die Afdelingsraad. Die Bloemhof-komitee was gewillig om £2,000 te betaal, maar niks meer nie. Die gevolg was dat die ~~derde~~ vierde poging ook misluk het. 16).

In 1885 het mej. Gilson na 'n dienstydperk van tien jaar die tuig neergelê. Met die vertrek van mej. Juliette Gilson het Bloemhof nie net haar „moeder" verloor nie, maar ook 'n uitstekende prinsipale en 'n goeie onderwyseres.

Sy is opgevolg deur mej. Ingraham, wat maar vir 'n kort tydjie, ongeveer 'n jaar, die pos beklee het, tot sy in

---

16). Die pogings tot amalgamasie is geneem uit 'n Memorandum van dr. Muir, naamlik Amalgamation of Bloemhof School with the Rhenish Institute. 1892., S.G.E. 1/139.

die huwelik getree het met die welbekende prof. Jannasch. Na, mej. Gilson het daar kort-kort 'n wisseling van prinsipale ingetree. Vanaf 1885-1895 het vyf verskillende prinsipales aan Bloemhof opgetree, tewete, mejj. Ingraham, Colby, Bleby, Hannay en Hofmeyer. Hierna het mej. Lucy Joubert op die toneel gekom en sy sou vir 25 jaar aan die roer van sake bly, en onskatbare dienste aan Bloemhof bewys.

HOOFSTUK IV.

BLOEMHOF - KOSINRIGTING.

Toe Bloemhof in 1875 geopen is, was daar nog geen doeltreffende en permanente voorsiening gemaak vir dogters wat van elders sou kom om hul opvœding aan Bloemhof te geniet nie. Dit blyk dat Bloemhof vanaf die begin leerlinge uit alle dele van die Unie getrek het. Met die opening van die skool was daar reeds Nel kinders van Natal. Ds. Neethling het sy pastorie tydelik aangebied om vir die kosgangers van Blœmhof voorsiening te maak. Die eerste kosgangers van Bloemhof het dus hul intrek geneem in die Pastorie wat tans deur dr. Snyman bewoon word.

Ds. Neethling het dan ook dadelik begin ywer vir die aankoop van 'n geskikte losies-inrigting vir die Bloemhofdogters. Die 26ste Maart 1875 skrywe hy 'n brief aan dr. Dale waarin hy vra of dr. Dale hul die Goewermentstoelae van £50 per jaar sou gee as hul oorgaan tot die oprigting van 'n losiesinrigting. Die kosinrigting sal staan onder sorg en toesig van mej. Gilson en gedrywe word op die Mount Holyoke-beginsel, sover as wat dit gerym kon word met die pligte wat die dagskool vereis.

Die kosinrigting sou nie onder dieselfde bestuur as die dagskool staan nie. 1).

Die 9de April het dr. Dale reeds geantwoord, en sy

---

1). S.G.E. Letters Received, 1/36. 26 Maart 1875.

toestemming gegee tot die stigting van 'n kosinrigting, alhoewel hy nie heeltemal tevrede was met die reeling dat die kosinrigting onder 'n ander bestuur sou staan nie. Hy het derhalwe die voorwaarde gestel dat die losiesinrigting in direkte verband met die dagskool gehou moes word, en dat dogters wat daar kom loseer die dagskool moes bywoon. 2).

Ondertussen het die groot brand uitgebreek en ook die huis waar ou mev. McLachlan gewoon het, afgebrand. Mnr. Jan Beyers het toe die huis aangekoop en laat opbou en verander in 'n ruim kosinrigting vir dogters. Vireers het die Bloemhof-komitee onderneem om die heer Beyers die rente op sy geld te betaal, 3) en nie die gebou te koop nie. Hier het hul nou plek gehad vir vyftig kosgangers. Hierdie ou gebou het tans plek gemaak vir die hoofgebou van die Christelike Studente Vereniging.

Daar is lank gesoek na 'n geskikte naam vir die inrigting. Baie name is aan die hand gedoen, tot ds. Neethling sê, „waarom niet Bloemhof ?" Mej. Gilson wou toe weet wat dit beteken. Ds. Neethling het toe verklaar dat hier die „Bloeme" van die volk gekweek word, en mej. Gilson het dit ook 'n mooi naam en skoon idee gevind vir 'n huis vir jong dogters. 3).

September 1875 het ds. Neethling en prof. Murray, asook prof. Hofmeyer, in De Zuid-Afrikaan kennis gegee dat die huis in verband met die Publieke Meisieskool binnekort geopen gaan word. Mej. Gilson, wat haar vereiste eksamens met eer aan

---

2). S.G.E. Letters Despatched. 2/20; Vol.18; p.398. 9 Apr.1875.
3). Victoria College Gedenkboe. p.154.

Mount Holyoke afgelê het, aan die hoof van die inrigting staan. Sy word beskou as iemand wat uitnemend geskik vir die pos sal wees. Die losiesinrigting sou die skool baie doeltreffend kon aanvul. In die huis sal niks nagelaat word wat kan meehelp tot die ontwikkeling van die verstand sowel as die karakter van Christinne nie. In die huis sal die dogters die weldadige invloede van 'n huislike lewe ondervind en 'n poging sal gemaak word, om die dogters op te voed vir die roeping wat hul later as Christelike dogters en vroue sal moet beklee, en daar sal getrag word om hul vir die Here te win. 4).

Hierdie aanbevelingsbrief adem dan ook dieselfde gees as die Statute van die kosinrigting. Die eerste notule van Bloemhof-kosinrigting is ongelukkig verlore, maar 'n afskrif van die Statute het ons onder die papiere van ds. D.S. Botha gevind.

Volgens die Statute is bepaal,

I. dat die Inrigting steeds sal wees en bly 'n Christelike Inrigting vir die opvoeding van jonge dogters in die volle en egte sin van die woord, ten opsigte van:
   (a) Die bestuurders en hul plaasvervangers
   (b) Die hoofde en helpers en helpsters.
   (c) Die lede, medewerkers en werksters.

II. Dat die bestuur uit nie minder as vyf lede sal bestaan nie, en hul moet almal lede van die Nederduits Gereformeerde Kerk wees.

---

4). De Zuid-Afrikaan. 18 September 1875.

III. Geen lid van die bestuur mag enige geldelike voordeel van die inrigting trek nie. Alle winste sal, solank die inrigting bestaan, aangewend word tot onderhoud van die inrigting.

IV. Ingeval daar 'n vakature ontstaan, moet die oorgeblewe lede die vakature binne drie maande aanvul. Indien die lede versuim om die vakature aan te vul sal dit gedoen word deur die Kerkraad van die N.G. Gemeente te Stellenbosch.

V. Die bestuur sal die reg hê om vir die belange van die inrigting meer vaste eiendom aan te koop.

VI. Die bestuur het ook die reg om vas- en los eiendom van die Inrigting te verkoop onder voorwaarde dat al wat vir die eiendomme ontvang word, uitsluitend vir die belange van die inrigting aangewend sal word.

VII. Die gewone vergaderinge van die Bestuur sal deur die voorsitter belê word. Op versoek van drie lede sal die voorsitter 'n vergadering moet belê. 'n Spesiale vergadering ter wysiging of vermeerdering van hierdie Statute, of tot opheffing van hierdie inrigting sal kan belê word op besluit van 'n gewone vergadering. Die doel van so'n vergadering moet 14 dae voor die tyd skriftelik aan elke lid van die Bestuur voorgelê word.

VIII. Indien weens onvoorsienbare loop van omstandighede minstens drie-vierdes van die lede van die Bestuur, op 'n gewone en ook op 'n spesiale vergadering daartoe belê,

sal besluit om die bestaan van die Inrigting te beëindig, moet die besittings van die Inrigting in twee dele gesplits word. Die eerste deel moet gebruik word om 'n sendingstasie onder die heidene te onderhou, onder toesig van die Zending Kommissie van die Nederduits Gereformeerde Kerk. Die tweede deel moet die Kerkraad van Stellenbosch aanwend om arm kinders van die gemeente te laat oplei in een of ander skool, „Waar de waarheid, zoals die door de Ned. Geref. Kerk tans beleden wordt, erkend en geleerd wordt".

Ingeval die somme vir hierdie doeleindes te klein is moet die geld uitgesit word, totdat die rente die nodige kontant sal opgemaak het. In beide hierdie gifte sal die naam Bloemhof die gedagtenis aan „Ons Huis" verewig.

IX. Die bepalinge van hierdie reglement mag alleen gewysig of vermeerder word as driekwart van die lede van die Bestuur op 'n gewone sowel as spesiale vergadering ten gunste van so'n verandering stem.

Op die 19de November 1875 is Bloemhof kosskool geopen met 'n twaalftal „bloemen" uit alle dele van die kolonie en selfs van Natal.

Vir die geleentheid het groot getalle leerlinge van die Hugenote Seminarium ook oorgekom. Op die mure van die saal het die volgende motto's gepryk:- „The Lord will provide"; „Abide with us"; „Ebenhaezer"; „God bless our home".

By die geleentheid is Gesang 1 : 3 gesing en Psalm 115 voorgelees. Ds. Neethling het die verrigtings met 'n

gebed geopen, en almal hartelik welkom geheet. Hy het ook daarop gewys dat die doel van die Inrigting is om siele na die Heer te lei. 5).

Na die koor gesing het, het prof. Hofmeyer aan die woord gekom en sy toespraak gehou oor die naam Bloemhof. Hy het sy toespraak in drie punte verdeel, naamlik,

(1) Die hof moet 'n eienaar hê - en dit moet die Here wees.
(2) Die hof moet 'n tuinier hê - en dit sal mej. Gilson wees.
(3) Die hof moet blomme hê - en dit sal die kinders wees.

Hy het daarop gewys dat die atmosfeer in die huis altyd vrolik en opgeruimd moet wees, omdat vrolikheid 'n kenmerk van alle blomme is. 6).

Eerw. Esselen, eerw. Ridgill (Wesleyaan) en prof. Murray het ook aan die verrigtings deelgeneem, asook ds. Catchet en dr. Langham Dale.

Die dameskoor het by die geleentheid opgetree, en „Praise the Lord" asook „Peace be to this habitation", gesing.

Mej. Gilson het die gebou ontsluit. Na die sing van Gesang 96 en 'n gebed is die verrigtinge afgesluit.

Die ontwikkeling van Bloemhofskool en kosinrigting het hand aan hand gegaan. In 1875 het die kosinrigting met 12 dogters begin en in 1877 was daar reeds 46 kosgangers. In die inrigting is voorsiening gemaak vir 50 dogters, sodat die huis reeds na twee jaar vol was. Die losiesgelde is op £40 per jaar vasgestel. Dit het alles ingesluit, behalwe die

---

5). De Zuid-Afrikaan. 24 November 1875.
6). Dieselfde.

piano-lesse.

Daar moes dus gou uitgesien word na meer losiesgeleenthede. Eikenhof, waar die Stadsaal nou is, is ook later deur die Bloemhof-komitee aangekoop, omdat hul bang was daar sou ander geboue opgerig word wat die atmosfeer van die kosinrigting kon benadeel. Ook die geboutjie bekend as Haneverdriet, waar mev. Wesener nou woon en Erfurthuis, asook Concordia, waar die Nuwe Kerk tans staan het aan die Bloemhofkomitee behoort.

Concordia is aan Dennepoord verhuur as koshuis, toe die kwekelinge Bloemhof in 1920 verlaat het. Die klasse vir die kwekelinge is toe in die Christelike Jongeliede Vereniging-saal gegee. Die 14de April 1926 het die Bloemhof-komitee Concordia aan die Kerkraad verkoop vir £2,300, omdat die Kerk-Raad die terrein wou gebruik vir die oprigting van 'n hulpkerk.[7)]

Toe die ou Bloemhofgebou te klein word, het die komitee maar altyd weer kamers aangelas en van die kinders het by naburige huise tuisgegaan. Hierdie toestand was nie gewens nie, daarom het mej. Lucy Joubert voorgestel dat die komitee liewer 'n nuwe doeltreffende gebou moes oprig. Die Bloemhofkomitee het op hierdie voorstel gereageer en die pragtige koshuis, bekend as Neethlinghof, het tot stand gekom in Februarie 1909.

In Februarie 1923 het die Universiteit aansoek gedoen om Erfurthuis te huur vir jong dames wat na die Universiteit wou kom. Die komitee het hiertoe ingestem op voorwaarde dat hul dieselfde bedrag betaal as wat hul in Universiteitskoshuise

---

7). Notule : Bestuur van de Bloemhof Kost Inrichting. p.83. 21 April 1926

betaal, en dat kinders wat op Bloemhof skoolgegaan het, voorkeur sou kry. 8).

Ook Eikenhof is in September 1924 verkoop aan die Rosenhofbestuur teen £4,000 op voorwaarde dat Rosenhof die meet- en transportkoste moet betaal, en 'n skeidsmuur tussen Eikenhof en Neethlinghof laat oprig. Die Bloemhof-komitee behou ook die reg voor om Eikenhof weer teen dieselfde bedrag te koop as Rosenhof dit eendag ontruim. 9).

Nadat mej. Lucy Joubert Bloemhof verlaat het, het daar 'n priode van agteruitgang ingetree. In die Notule van 1927 word dan ook melding gemaak van die afval in getalle van leerlinge in Bloemhofskool, sowel as in die koshuis. Teen hierdie tyd het die Bloemhof-komitee nog heelwat vaste eiendom besit. Erfurt Huis, Haneverdriet, Neethlinghof en ou Bloemhof was nog almal hul eiendom. Volgens 'n valuasie deur mnr. H. Wicht, gemaak in September 1931 was die waarde van die vaste eiendom £17,000 en die van die losgoed £1,650. 10).

Alhoewel die komitee nog groot eiendomme besit het, het dit maar treurig gegaan met die getalle kosgangers. In November 1931 het mej. B. Hopkins gerapporteer dat daar in 1932 maar 35 kosgangers sal wees. In 1934 het die getal gedaal tot op 32. Die toestand het so hopeloos geword dat die Skoolkomitee 'n deputasie afgevaardig het, bestaande uit mnr. H.H. Markotter, dr. Nel en prof. Taute om die Bloemhof-komitee te ont-

---

8). Notule : Bestuur van de Bloemhof Kost Inrichting, p.29. 19 Februarie 1923.
9). Dieselfde. p.48. 15 September 1924.
10). Dieselfde. p.138. 8 September 1931.

moet. Die deputasie het voorgestel dat die Koshuis-komitee die Skoolkomitee moet help om die volgende jaar 20 beurse van £20 elk aan te bied, om op die wyse leerlinge na Bloemhof te trek. Die komitee het hierdie wenk aangeneem en 'n besluit in dier voege geneem. 11).

Op 16 Maart 1933 is Ou Bloemhof ook gesluit, omdat daar maar nog drie kosgangers in was. Hul is in Neethlinghof gehuisves.

Die volgende jaar is ou Bloemhof aan die Munisipaliteit verhuur teen £12 10s. per maand, en in Julie 1937 is die gebou aan die C.S.V. verkoop en is kort daarna gesloop om plek te maak vir die C.S.V.-Hoofgebou.

Vanaf die stigting van Bloemhof was die prinsipale van die dagskool ook hoof van die kosinrigting. Die gebruik het bly voortbestaan totdat mej. Lucy Joubert in 1922 afgetree het. Om een of ander rede het die Bloemhof-komitee toe van die ou gebruik afgesien, want mej. Lucy het nog tot 1925 aangebly as Prinsipale van die Koshuis, hoewel sy reeds in 1922 afgetree het as Prinsipale van die dagskool. Toe sy aftree is mej. le Roux ook nie in haar plek benoem nie, maar mev. ds. Pienaar, 12) en na mev. Pienaar mej. B. Hopkins. 13). Hierdie reeling moes nie geslaag het nie, want in April 1934 het die Skoolkomitee 'n brief aan die Bloemhof-komitee gerig waarin hul versoek dat die nuwe prinsipale, wat in Julie haar dienste sou aanvaar, ook as

11). Notule : Bestuur van de Bloemhof Kost Inrichting. p.145; 17 November 1931.
12). Dieselfde : p.181; 31 Januarie 1935.
13). Dieselfde : p.56; 30 Januarie 1925.

hoof van die kosinrigting aangestel sal word. Die Bloemhof komitee het die versoek, op sekere voorwaardes, vir 'n jaar gestaan. 14).

Toestande het al swakker geword. Op 'n vergader gehou op 31 Januarie 1935 is die finansiele toestand uiteen sit, en het mnr. Morkel na 'n lange bespreking kennis gegee hy sal voorstel om die inrigting te likwideer, indien die f siële rapport van die Bloemhof koshuis nie verbeter nie. 15

Die Bloemhof-komitee het blykbaar nie meer kans g om die koshuise aan die gang te hou nie, en het op voorstel mnr. Morkel besluit om die Skoolkommissie te nader teneinde te vind of hul nie gewillig is om met die Onderwysdepartem onderhandel met die oog op die oorname van een of altwee ko huise, bekend as Neethlinghof en Erfurt Huis nie. 16). Di Departement was nie geneë om die koshuise oor te neem nie.

Daar was nou sprake om die koshuise aan die Unive teit te verkoop. 'n Deputasie bestaande uit dr. H.P. Crus mnr. H.H. Markotter en mnr. J.C. de Waal het daarop die Blo hof-komitee ontmoet en hul gewys op die nadelige uitwerking die verkoping op Bloemhof sal hê. Hul stel toe voor dat d koshuise aan die Skoolkomitee verhuur moes word. Na die o houd met die deputasie het die komitee besluit om nie te ve koop nie, 17) maar om Neethlinghof vir 'n jaar aan die Skoo

---

14). Notule : Bestuur van de Bloemhof Kost Inrichting. 15 N vember 1926.

15) Dieselfde : 31 Jan. 1935.

16) Dieselfde : 1 Aug. 1935

(17) Dieselfde : 9 Okt. 1935.

mitee te verhuur en Erfurt Huis vir dieselfde tydperk aan die Universiteit.

In Desember 1937 is Neethlinghof verander na Neethlinghuis.

Daar het egter weer beter dae vir Bloemhof aangebreek onder die bekwame leiding van mej. van der Walt. Reeds in Desember 1937 was Neethlinghuis weer gevul met kosgangers en het die Bloemhof-komitee verneem hoeveel kinders na Erfurthuis sou kom. [18]. Die twee koshuise het onder beheer van die Bloemhof-skoolkomitee gebly tot vandag.

Teen die begin van 1939 is Erfurthuis weer deur die Skoolkomitee in diens geneem, omdat Neethlinghuis vol was en daar nog 26 leerlinge was vir wie losiesgeleenthede verskaf moes word. [19]. Bloemhof was gelukkig om 'n versiende Skoolkomitee te gehad het. Alhoewel toestande in 1935 maar donker gelyk het, het hul vertroue dat daar weer vir Bloemhof beter dae sal aanbreek, en in die begin van 1939 kon hul die vrugte van hul optrede pluk, toe altwee koshuise weer gevul is met „bloeme".

By die opening van Bloemhof het prof. Hofmeyer daarop gewys dat die gees in die koshuis altyd opgeruimd en vrolik moet wees, omdat dit 'n kenmerk van alle blomme is. Dit wil vir ons voorkom of dit inderdaad 'n kenmerk was en is van Bloemhof. In die begin veral, was daar soms saans dinees vir die bestuurslede en ander gaste in Bloemhof, en tuinpartytjies

---

18). Notule : Bloemhof Kosinrigting. p.91; 12 Augustus 1938.
19). Dieselfde : p.110; 13 Februarie 1939.

in die gronde vir jongmense. In die eerste jare het die prinsiple reeds gereeld gesellige aande in Bloemhof gereel en die dogters het dikwels konserte gehou. 20).

Die gewone kattekwaad wat maar altyd in koshuise voorkom, het ook reeds vroeg in Bloemhof Kosinrigting voorgekom. Allerhande poetse is op mekaar en op die onderwyseresse gespeel. Uit 'n dagboek van een van Bloemhof se oud-leerlinge en oud-kosgangster vind ons die volgende opgeteken onder datum Junie-September kwartaal 1902:

„We were motherless as regards a corridor-teacher. Every night the ~~grial~~ girls tried on some fresh trick. One night we all agreed to leave our beds undisturbed and hide when 'Tardy' rang. We did so, and waited for Miss L.R. who happened to be in charge that evening. It was very exciting but rather hot, for I was in the cupboard and could hardly breathe. However, after much suspense we heard her come along. She was very much surprised to find no one in all the different rooms; we heard her march off again in a great hurry, and knew that she has gone for Miss Joubert, so we all jumped into our beds, some fully dressed, others half ready for bed - all in extraordinary costumes. Not long afterwards Miss Annie and she came round again and were so surprised to find all almost sound asleep - little did they suspect what the blankets hid ! Miss Annie treated it all as a joke, so it passed of satisfactorily.

Cockfights, waterfights, apple-pie beds etc. were

---

20). Gedenkboek van het Victoria College. p.155.

quite the usual doings. Every night we had some new item on our programme. The finest of all was the doll we made to frighten Miss Coulter. It succeeded beautifully to the satisfaction of all in the corridor.

Once there was a craze to affix names to the doors of our rooms as; „Bug Villa", „The Innocent Abroad", „Black Hole", etc. Miss Lucy did not care for these, and told us not to ornament our doors." 21).

Selfs vandag nog met al die geslaagde konserte, trippensaande en geselligheede handhaaf Bloemhof nog die vrolike tradisie, en is hul ook daarin getrou aan hul leuse „Semper Fidelis".

---

21). Dagboek : Mej. B. Hopkins.

HOOFSTUK V.

BLOEMHOF AS OPLEIDINGSENTRUM EN „MOEDER" VAN DENNEOORD.

Met die toenemende belangstelling in die opvoeding van die jeug, veral ook van die dogters, het dit spoedig geblyk dat daar voorsiening gemaak sal moet word om onderwysers en onderwyseresse op te lei, om in hierdie behoefte te kan voorsien. Dit was nie altyd moontlik om die vakatures deur oorsese onderwyseresse aan te vul nie. Daar het ook reeds stemme opgegaan teen die Amerikaanse karakter wat die skole openbaar en daar is op gewys dat dit moontlik is om ons eie mense op te lei om die werk te doen. 1).

Kort nadat Bloemhof geopen is, is dan ook begin met die opleiding van onderwyseresse. Soos ons reeds in 'n vorige hoofstuk aangedui het, was daar 'n „Elementary Course" in Bloemhof, wat drie jaar geduur het. Hierna het die suksesvolle leerlinge die sogenaamde „Regular Course of die „Teachers' Course" gevolg. Hierdie kursus het ook drie jaar geduur.

In 'n brief van Macnachie, Sekretaris van die Superintendent-Generaal van Onderwys, aan mej. Gilson, gedateer 26 November 1875, het hy verduidelik wat die posisie van die sogenaamde Pupil Teachers is. „The Pupil Teachers are not considered as scholars, but are on the teaching staff, and are

---

1). De Zuid-Afrikaan. 29 April 1874.

paid for their services, and in addition receive special instruction with the view of preparing for the Government Examinations as Elementary Teachers." 2).

Die diens wat van die „Pupil Teachers" verwag is, het met die jare verskil. In die eerste jaar moes elkeen een klas per dag waarneem; maar na die tyd is van hul verwag „to give material assistance in the work of the school."

Dit het voorspoedig gegaan met die opleiding van die Pupil Teachers, want teen 1881 het daar reeds ten minste 30 kandidate Bloemhof verlaat om te gaan onderwys gee. 3).

Spoedig het daar egter beswaar gekom van die kant van die ouers, omdat die Pupil Teachers, die laer departement as 'n oefenskool gebruik het. Hul het daarop gewys dat die Pupil Teachers nog onervare is en derhalwe was hulle nie daarmee gediend dat op hul kinders geoefen word nie.

Die „Board of Managers" moes derhalwe 'n ander uitweg soek. Onderhandelinge is aangegaan met die Wesleyaanse Sendingskool, maar dit het ook nie geslaag nie. In die tyd, 1898, was daar 'n skooltjie van 'n sekere mev. Beyers, bekend as die Armskool. Hier het sy onderwys gegee aan 'n paar behoeftige kinders. Sy was gewillig om met die Bloemhofskool saam te werk. Die armskooltjie is toe deur die „Managers" van Bloemhof met toestemming van die departement oorgeneem as 'n as 'n oefenskool vir die opleiding van die „Pupil Teachers". 4).

---

2). S.G.E. Letters Despatched, 2/21; Vol.19; 26 Nov.1875. p.382.
3). Prof. Hofmeyer : Bloemhof Seminary at Stellenbosch. p.1.
4). Notule : Bloemhof Skoolkommissie. 11 Augustus 1903.

Die armskool het dus 'n deel van Bloemhof gevorm, d.w.s. in die laer departement was daar duplikaat klasse - die vir die gegoedes en die vir die armes onder mev. Beyers. Die leerlinge wat in Bloemhof was en nie kon betaal nie is volgens prof. J. Marais geleidelik na hierdie skool verplaas.

Teen 1903, was dr. Muir egter nie met hierdie toestand tevrede nie, en het hy daarop aangedring dat die skool met Bloemhof geamalgameer moet word. Hierop het die „Board of Managers", op 11 Augustus 1903, teen hierdie amalgamasie besluit op die volgende gronde :

(1) Amalgamasie sou die einde beteken van die oefenskool, en dus ook van die opleiding van „Pupil Teachers" omdat die ouers beswaar geopper het teen die omskepping van die „Infant Department" in 'n oefen departement vir die „Pupil Teachers".

(2) „An objectionable element would be introduced into the Girls' School if the pupils of the existing „Poor School" (Practising School) were admitted to the ordinary classes." 4).

Hierdie tweede beswaar klink vir ons byna ongelooflik. Tog wys dit vir ons dat daar toe al 'n groot klasseverskil bestaan het.

Die armskool is dus deur Bloemhof gebruik as 'n oefenskool, en om voorsiening te maak vir 'n aparte sosiale klas in die gemeenskap.

---

4). Notule : Bloemhof Skoolkommissie. 11 Augustus 1903.

Dr. Muir het hierdie besware nie ernstig opgeneem nie. Hy het daarop gewys dat die getal leerlinge in die armskool tog te min is om voldoende oefenkans te bied. Ook die sosiale beswaar het hy van die hand gewys, want „it is not apparent that there is any great social disparity between the children in this School (Poor School) and in the Public School." 5).

Dr. Muir het die saak egter daar gelaat en die hoop uitgespreek dat die „Managers" die volgende jaar 'n uitweg sou vind om ontslae te raak van die teenstrydigheid van „duplicated classes in the same standards." Die bestaande stelsel was, volgens dr. Muir, baie onbevredigend en mag nie langer voortduur as wat absoluut nodig was nie. 6).

Die volgende jaar, 17 Maart 1904, het mev. Beyers na Bredasdorp verhuis en het die skooltjie opgehou om te bestaan.

Intussen het Bloemhof nog elke jaar nuwe onderwyseresse uitgestuur. By die jaarvergadering van 1905, het dr. Muir tot groot lof gepraat van die Pupil Teachers van Bloemhof, „die eene vergelyk kunnen doorstaan met 'Training Institutions' te Wellington en Kaapstad."

Soos Bloemhof uitgebrei het, het dit meer en meer duidelik geword, dat spesiale voorsiening vir die kwekeling onderwysers gemaak moes word.

In Augustus 1917 het die Skoolkomitee van Bloemhof dan ook byeengekom om 'n oplossing te vind. By hierdie spe-

---

5). S.G.E. Miscellaneous Letters S.II - U, Vol.X. 1/187, 11 Augustus 1903.
6). S.G.E. Dieselfde.

siale vergadering, was ook teenwoordig dr. G. Cillie, prof. A. Moorrees en prof. W.E. Malherbe, as assessor-lede. 7).

Vir die verdere opleiding van Onderwyseresse is vier skemas voor die vergaderling gelê.

(1) Die oprigting van 'n afsonderlike opleidingsinrigting te Stellenbosch vir O_3 studente.

(2) Die inlywing van die werk by die Opleidingsdepartement van die Victoria College.

(3) 'n Skikking waarby die eerste en tweede jaar kwekelinge by die skole bly en dan net vanaf die derde jaar deur die Victoria College opgelei word.

(4) Handhawing van die bestaande stelsel, maar dat die werk net gereorganiseer word. 8).

Na die bespreking is besluit, dat die opleiding van kwekeling-onderwyseresse vir die Derdeklas-Onderwysers-Sertifikaat-Eksamen aan Bloemhof verbonde bly soals dit tot hiertoe was, maar met dien verstande, dat,

(a) daar 'n bepaalde afdeling of departement vir die opleiding van O_3 studente daargestel sou word.

(b) dat 'n hoofonderwyseres met 'n voldoende staf van hulponderwyseresse aangestel word vir die opleidings-departement. Hul moes egter onder beheer en kontrole staan van die Prinsipale van Bloemhof.

(c) die onderwysdepartement versoek sal word om die onderwyseresse wat met die werk belas sal word te salariëer volgens die skaal wat in die jongste ordonnansie vir

7). Notule Skoolkomitee, 3 Augustus 1917.
8). Dieselfde.

Opleidingsinrigtinge vasgestel is, en dat die kwekelinge van Bloemhof dieselfde toelae of studiebeurse sal ontvang as wat gebruiklik is by ander erkende opleidingsinrigtinge. 9).

Op 'n skoolkomitee-vergadering, gehou op 20 Augustus 1917, het die Sekretaris kennis gegee dat die S.G.O. ingewillig het om die voorstel van die kommissie in welwillende oorweging te neem. Op die vergadering is toe ook besluit om 'n beraming te maak hoeveel ekstra onderwyseresse nodig sou wees om die voorstel met sukses uit te voer. Vir hierdie doel is 'n sub-komitee, bestaande uit mej. Lucy Joubert, mej. Annie Joubert en die Sekretaris, met mnr. A.F. Markotter as assessor, benoem. 10).

Die 17de September 1917 het die sub-komitee hul verslag uitgebring en bevind dat twee addisionele onderwyseresse nodig sou wees om saam met mej. Walker en mej. Pohl hul volle tyd aan die opleiding van die kwekelinge te gee. 11).

Die gewone skoolpersoneel sal op gewone sterkte moet bly, omdat die getalle so aangegroei het, dat Standerds A en B in 1918 in twee seksies verdeel sal moet word. Hul kon ook meedeel dat die S.G.O. toegestem het tot die aanstelling van twee addisionele Onderwyseresse vir die kwekelingklasse teen £160 per jaar, maar nie tot die aanstelling van 'n hoof vir die departement nie. 12).

---

9). Notule : Bloemhof Skoolkommissie. 3 Augustus 1917.
10). Dieselfde. 20 Augustus 1917.
11). Dieselfde. 17 September 1917.
12). Dieselfde. 17 September 1917.

Dit het maar moeilik gegaan om die twee nuwe poste, wat so ontstaan het, te vul. Eindelik is mej. M.C. du Toit, B.A., O_2, en mej. Nellie Hugo, onderwyseres van Hollands aan die Bloemhof Hoërskool aangestel. In mej. Hugo se plek is toe mej. M.C. Thiery aangestel as onderwyseres in Hollands.

Op die duur het hierdie reëling tog ook nie bevrediging gegee nie. Op 'n skoolkomitee-vergadering op 17 Maart 1919 het die vergadering 'n besluit geneem om die saak weer op die April-vergadering, waartoe dr. G. Cillie, prof. Moorrees en prof. W.E. Malherbe uitgenooi sal word, te bespreek. Die komitee het die saak weereens ernstig oorweeg, en tot die besluit gekom dat Bloemhof nie langer vir die werk verantwoordelik kon stel nie. Hul gevoel hul gedwonge om die Skoolraad in kennis te stel dat die skool die opleiding van kwekelinge sal moet opgee, en hul versoek derhalwe die Skoolraad om so spoedig moontlik die nodige stappe te neem ten einde die daarstelling van 'n afsonderlike inrigting te verseker.

Die Skoolraad het op die 1ste September 1919 besluit tot die oprigting van 'n afsonderlike inrigting. Teen die einde van 1919 het dus die laaste kwekelinge Bloemhof, die ou moeder, verlaat en in 1920 is begin met die dogter-inrigting, Denneoord.[13]

Met die oorplasing van die kwekelinge na Denneoord, is ook eervolle ontslag gegee aan mejj. M.C. Thiery, J.J. Pohl, M.W. Wicht en Rhoda Krige, omdat hul dienste toe nie meer nodig was nie. Die komitee het die Skoolraad verseker van sy hoë

---

13). Notule : Bloemhof Skoolkommissie. 1 September 1919.

waardering van die dienste van hierdie onderwyseresse. Hul het nie alleen deeglike werk gelewer nie, maar ook 'n gesonde invloed op hul leerlinge uitgeoefen en doeltreffend saamgewerk tot die verstandelike en morele vorming van die kwekelinge aan hul sorg toevertrou. Hul beveel dus aan dat van hul dienste in die nuwe inrigting gebruik sal gemaak word.

Mej. Thiery het inderdaad hoof van Denneoord geword en was algemeen bekend vir haar deeglike werk en strenge dissipline. Denneoord het steeds meer en meer opgang gemaak en staan vandag bekend as een van die beste opleidingsinrigtinge in ons land.

Interessant is dit, dat Bloemhof vanjaar presies 70 jaar oud is en ook Denneoord vanjaar hul silwer jubileum vier.

HOOFSTUK VI.

JARE VAN STRYD EN WOELING, 1895 - 1903.

Soos in die lewe van enige indiwidu en inrigting, was daar ook vir Bloemhof donker dae in haar geskiedenis. Nadat mej. Gilson in 1885 die tuig neergelê het, is sy opgevolg deur ander Amerikaanse dames, o.a. mejj. Colby, Ingraham, Bleby en daarna mej. Hannay. Onder laasgenoemde het weldra baie probleme te voorskyn getree.

In 1895 het die skoolkomitee 'n buitestaande persoon aangestel om die sang en naaldwerk van die skool te behartig. Hierdie handelwyse het dr. Muir ten sterkste afgekeur, omdat hy van mening was dat die nege onderwyseresse op die personeel voldoende was om ook die sang- en naaldwerk op hul te neem. Gevolglik hethy die toelae vir laasgenoemde vakke vanaf 1 Julie verminder tot £20, en die komitee ses maande kans gegee om ander reelings te tref. 1).

Die komitee was baie ontevrede met hierdie besluit en het hul Sekretaris opdrag gegee om 'n brief aan dr. Muir te skrywe waarin hulle meld dat indien die voorgestelde vermindering in die toelae uitgevoer word, die teenswoordige bestuur nie kans sien om langer aan te bly nie. 2).

Teen die einde van 1896 kom nuwe moeilikhede voor, wat uitloop op die bedanking van mej. Hannay.

---

1). Notule : Bloemhof Skoolkomitee. 6 Augustus 1895.
2). Dieselfde.

Die 2de Desember 1896 ontvang die komitees van Bloemhofskool en -losieshuis, 'n brief van mej. Hannay waarin sy haar bedanking indien. Sy bedank beide komitees vir hul ondersteuning en vriendelike samewerking en verseker hul dat haar redes vir haar bedanking geheel en al aan buitestaande oorsake te wyte is. Sy skrywe:

"For more than a year I have felt that some external influences were at work that were slowly undermining the discipline and position of the school, and I have felt that these have been becoming more potent during the last few months.

They have root I believe in two distinct causes, into which it is not necessary for me to enter, but their effect has been shown to members of my staff, and by the fact that the resident pupils are being instigated to acts of gross insubordination by their friends and relatives in the neighbourhood.

If dissatisfaction with the management of the staff of the school is felt by the parents of the pupils, I felt that it is their duty to communicate with me or with the members of the Committee; and if any such complaint has been brought before me, I have been prepared to deal with it as fairly and justly as I could; but I do not understand underhand methods, and I am not able to cope with them.

The present course that is being pursued by some who call themselves friends of the institution is ruinous to the

moral health of the pupils, and subversive of all discipline, and I therefore place my resignation in your hands, in order that you may be free to provide a management that will be more in sympathy with local prejudices." 3).

Die skoolkomitee het die bedanking bespreek en haar bedank vir die waardevolle werk wat sy aan die skool en koshuis gelewer het. Hul het erken dat daar 'n gevoel in, en buite Stellenbosch bestaan het, teen mej. James, die spesiale musiekonderwyseres, maar hul was nie in 'n posisie om die oorsaak na te spoor nie. Hierdie gevoel het gestadig toegeneem en reeds die skool skade berokken, derhalwe het die komitee die wenslikheid bespreek om haar te vra om liewer vrywillig te bedank. 4).

Wat was dan die aanleidende oorsaak tot die bedanking van mej. Hannay ? Sekere „boarders" was diep gegrief oor die gedrag van mej. James, en het 'n petisie opgestel waarin hul hul griewe aan die bestuur blootgelê het. Hierdie petisie het in die hande van mej. Hannay geval, en nadat sy met die opstellers 'n onderhoud gehad het, het sy gemeen die gevoel was ook buite die skool, en dien dus haar bedanking in. Die skoolkomitee het die handelwyse van die kinders afgekeur en hul in die hande van die voorsitter, prof. N.J. Hofmeyer, gelaat. Hy moes 'n onderhoud met hul reël en hul, mej. Hannay per brief om verskoning laat vra. 5).

---

3). Notule : Bloemhof Skoolkomitee. 2 Desember 1896.
4). Dieselfde. 3 Desember 1896.
5). Dieselfde. 8 Desember 1896.

Op 'n buitengewone vergadering gehou op 16 Desember 1896, het prof. Hofmeyer 'n kopie van die petisie, wat deur 20 jong dogters onderteken was, oorhandig. Dit het as volg gelui:

„We the undersigned are obliged to communicate with our parents if miss James does not leave Bloemhof. Hoping that our petition may be granted, and that one, capable of exercising better influence, in future may be substituted.

Signed. Anna de Waal,
Jessie Beyers
and 20 others. " 6).

Volgens prof. Hofmeyer het dit uit die onderhoud geblyk dat die petisie by die kosgangers alleen ontstaan het, en weinige persone buite Bloemhof daarmee bekend was.

Die bedanking van mej. Hannay het dadelik ontevredenheid onder die personeel veroorsaak. Reeds die 8ste Desember 1896 het drie van die onderwyseresse bedank, omdat hul nie hul weg oopgesien het om onder 'n ander prinsipale te dien nie. Hierdie drie was mejj. James, Gilfillan en Myall. 7).

Die 16de Desember 1896 is ook die bedanking van mej. Olivier ontvang. Sy het bedank as „protest tegen de behandeling miss Hannay aangedaan". In 'n onderhoud met prof. Marais het dit geblyk dat sy bedank het, as protes teen die gedrag van die meisies. 8).

---

6). Notule : Bloemhof Skoolkomitee. 16 Desember 1896.
7). Dieselfde. 8 Desember 1896.
8). Dieselfde. 16 Desember 1896.

By die geleentheid het ook ter tafel gekom 'n versoek van mej. Hannay om die besture van die skool en kosinrigting te ontmoet. Die Sekretaris het 'n brief aan haar gerig waarin hy om verduideliking vra waaroor sy die onderhoud wou hê, maar het as antwoord die volgende uitdagende antwoord gekry, „I need not trouble you or the Committee, as, acting on the advice of friends, the matter has been placed in the hands of a lawyer".

Die slagoffer was die heer Jannasch, teen wie sy 'n aksie wou instel omdat hy iets teen mej. James sou gesê het. Sy kon egter geen bewys teen die heer Jannasch inbring nie. Die gevolg is dat die heer Jannasch versoek het om sy musiekklesse onder die Bestuur te gee en nie meer onder haar nie. 9).

Die komitee het in aanmerking geneem die stuk wat mej. Hannay in die Cape Times laat plaas het waarin sy dinge geskryf het wat die gemoedere van ouers en vriende van die leerlinge verbitter het, ook dat sy die voorsitter van die Bloemhofbestuur beledig het, deur hom daarheen te ontbied en toe in teenwoordigheid van 'n getuie informasie van hom probeer inwin het, om teen sekere persone gronde tot aksie ten gunste van mej. James te verkry. Alhoewel hy geweier het om enige inligting te verstrek, was sy verhouding tot die skool op so 'n wyse gestrem dat hy onmoontlik langer toesig oor Bloemhof kon hou. Ook het die komitee die beswaar van die heer Jannasch oorweeg, en toe besluit dat dit wenslik is om

---

9). Notule : Bloemhof Skoolkomitee. 18 Desember 1896.

liewer dadelik alle konneksies met mej. Hannay te verbreek, en haar, mejj. James, Gilfillan en Myall 'n kwartaal se salaris aan te bied en dadelik te laat gaan. [10].

Mej. Hannay is van hierdie besluit in kennis gestel en sy, sowel as die ander onderwyseresse, het daarvan gebruik gemaak, [11] en op die wyse is die moeilikhede weer bygelê. Mej. Hannay was ook die laaste van die Amerikaanse onderwyseresse wat aan die hoof van Bloemhof sou staan. Met haar kom die Amerikaanse tydperk van Bloemhof ten einde. Hierna het mej. M. Hofmeyer vir 'n tydjie waargeneem, totdat mej. Lucy Joubert in 1897 die teuels oorgeneem het.

Mej. Lucy Joubert kom aan die hoof van Bloemhof in 'n baie moeilike tydperk. Dit is net 'n paar jaar voor die uitbreek van die oorlog tussen Boer en Brit in 1899, en kort voor die stryd om Afrikaans as skryftaal, want reeds in 1875 is die Genootskap van Regte Afrikaners gestig, wat hul ten doen gestel het om Afrikaans as taal erken te kry. Mej. Joubert kon as Afrikaner meer met die kinders en ouers saamlewe en deur haar taktvolle en simpatieke optrede het sy baie moeilikheidjies oorbrug.

Nietemin was Bloemhof in hierdie jare weer herhaaldelik onder die soeklig. In die begin van 1900 het soveel klagte, oor dislojaliteit, die Superintendent-Generaal van Onderwys bereik, dat hy inspekteur Watermeyer gelas het om 'n onder-

10). Notule : Bloemhof Skoolkomitee. 18 Desember 1896.
11). Dieselfde. 8 Februarie 1897.

soek te kom instel na al die klagtes. [12]. Die 5de Maart 1900 het inspekteur Watermeyer sy verslag uitgebring, nadat hy 'n onderhoud gehad het met mej. Joubert, sowel as met buitestaanders. Vir meeste van die klagtes het hy geen gronde of bewyse gevind nie. Hy moes erken, dat mej. Joubert so versigtig gehandel het as wat die omstandighede vereis het.

Hy kon b.v. geen grond vind vir die aanklag, dat daar gebid word vir die sukses van die Boere nie. Daar was soms Pro-Boer demonstrasies, veral by die Gimnasium, maar dit is streng onderdruk deur die onderwysers. Die dra van Transvaal- en Oranje Vrystaat-vlaggies was nie algemeen nie, al het dit weleens voorgekom by kinders van een van hierdie state. Mej. Joubert het dan ook belowe om dit in die toekoms geheel en al te verbied. Die ernstige beskuldiging, as sou Mej. Joubert afgesante van die Transvaal toegelaat het om die leerlinge te kom toespreek, het ook, volgens die rapport, geblyk 'n halwe waarheid te wees. Mej. Joubert het wel 'n teologiese student toegelaat om nuus, wat hy ontvang het uit die twee Republieke, aan nege dogters, uit die Republieke, mee te deel, in teenwoordigheid van 'n onderwyseres, mej. Janssens. Dit was dus in geen geval 'n publieke vergadering soos die aanklag wou nie. [13]

Gevoelens het maar hoog geloop, soos met elke oorlog, en so het b.v. die dogters van Bloemhof geweier om aan die Kersfees feestelikhede van 1899 deel te neem, tensy die Union Jack uit die Bloemhof versierings geneem word. [14].

---

12). Notule : Bloemhof Skoolkomitee. 5 Maart 1900.
13). Dieselfde. 5 Maart 1900.
14). Dieselfde. 5 Maart 1900.

Vroeg in Julie 1900 het 'n petisie weereens die lig gesien, onderteken deur nege ouers. Die klagtes in hierdie petisie kom kortliks hierop neer:

(1) Die lewe van sekere kinders word baie ongelukkig gemaak deur die handelwyse van ander kinders en sommige onderwyseresse.

(2) Daar word anti-Britse litteratuur onder die kinders versprei, soos b.v. „Liefde en Plicht," en Macht en Recht".

(3) Die skool pas 'n boikot toe „and we consider that the moral tone of the school, which can descend to this is not satisfactory, and it is not fair that children should be subject to such an influence".

(4) Daar het 'n politieke petisie in die skool rondgegaan, en sommige is geforseer om te teken.

(5) Alhoewel nasionale kleure verbied is, het een van die onderwyseresse tog die Republikeinse kleure in die klaskamer gebring, deur die kinders rooi, wit, groen en blou pen-veërs te laat maak. Daar word ook gekla dat 'n kind sou uitgestuur gewees het om die kleure van haar baadjie af te haal - en toe gestraf is vir afwesigheid van die klas.

(6) Ten slotte, dat die ouers geen stem het in Bloemhof-sake nie omdat hul in duister gehou word oor die verkiesings. Derhalwe vra hul om 'n spesiale skool. 15).

---

15). Notule : Bloemhof Skoolkomitee. 4 Julie 1900.

Sonder om die skoolkomitee te raadpleeg of hul samewerking te vra, het dr. Muir, weer vir inspekteur Watermeyer uitgestuur om ondersoek te kom instel na die gedrag van die onderwyseres in Hollands, mej. Janssens. Die komitee het hul verbasing oor hierdie optrede te kenne gegee, en daarop aangedring dat 'n kopie van die griewe aan hul voorgelê moes word, en dat hul in die vervolg nie in sulke sake oor die hoof gesien sal word nie. 16).

Die tweede rapport van Watermeyer (25 Julie 1900), was weer baie gunstig vir Bloemhof. Hy het b.v. gevind dat die kinders, wie se lewe ongelukkig gemaak sou word deur ander, tot een geval beperk was, naamlik die van M. Rattray. In haar geval was politieke oorwegings nie eens die oorsaak nie. Die kind is ook nie gestraf weens afwesigheid nie, maar omdat sy verbied was om kleure te dra. Inspekteur Watermeyer se rapport was 'n pragtige getuigskrif vir mej. Joubert en die komitee. Hy verklaar:-

„I have no evidence that the managers have been negligent in their duty; but find on the contrary that the chairman and secretary have continually communicated with the principal on the matter of keeping the school purged of politics." 17

Reeds voor hierdie verslag, 9 Junie 1900, het mejj. Wilson en Tyndall hul bedankings ingedien want die lewe sou vir hul ondraaglik op Stellenbosch geword het weens „the petty per-

16). Notule : Bloemhof Skoolkomitee. 9 Julie 1900.
17). Dieselfde. 25 Julie 1900.

secutions of the place on account of their nationality."

Die meeste van hierdie moeilikhede het hul ontstaan by mej. Janssens, wat kwaai pro-Boers was, gehad. Deur haar ontaktvolle optrede het sy die komitee groot moeilikhede besorg. Na die ondersoek deur Watermeyer is sy weer aangekla, omdat sy „Liefde en Plicht" in die klas voorgelees het, totdat Ada Versveld en L. Cairncross die kamer sonder verlof verlaat het. 18). Hierdie keer is mnr. D. Craib, inspekteur van skole, uitgestuur om ondersoek in te stel. Hy het 'n baie interessante onderhoud met twee skooldogters gehad oor die dra van kleure. Hy vermeld hierdie onderhoud spesiaal in sy verslag en beskryf dit as volg: Hy kry twee dogters, A en B voor, en vra aan A: „Do you know anything about the wearing of colours ?

A: I wore an Orange ribbon last Friday.

Craib: Why ?

A: It was the Queen's birthday.

Craib: What Queen ?

A: The Queen of Holland.

Craib: But she is not your Queen !

A: No, the more's the pity."

en, sluit Craib af, „this concluded my striking interview with A and B." 19).

Die 17de Oktober 1900 het die Skoolkomitee geantwoord op al die aanklagte. In die aanhef het hul hul waardering

---

18). Notule : Bloemhof Skoolkomitee. 6 September 1900.
19). Dieselfde. 17 Oktober 1900.

uitgespreek teenoor die optrede van mej. Joubert. Hul voel sterk oortuig dat sy ten alle tye onpartydig gehandel het teenoor alle leerlinge en „that under exceptionally trying circumstances she has acquitted herself admirably of an extremely difficult task."[20].

In die eerste instansie het hul daarop gewys dat mej. Joubert nie kon help as daar klein voorvalletjies op die speelgronde voorkom nie.

Wat die boikot betref is dit nie in die skoolraad of skoolkomitee se mag om die monopolie van vleisvoorsiening vir Bloemhof aan mnr. Rathray te gee nie, omdat Bloemhof-kosinrigting onder ander bestuur staan. Hul verbaas hul egter dat dr. Muir van 'n slagter se besware notisie neem - en dit omdat hy nie die monopolie vir Bloemhof kan kry nie.

Verder wil die komitee weet watter boeke onder „objectional literature" verstaan word; hul weet nie van boeke wat in die ban gedoen is nie.

Wat die petisie [21]. betref, dit was net 'n versoekskrif om vrede, en het geen politieke kleur gedra nie. Die petisie het in die afwesigheid van die prinsipale gesirkuleer, en sy het net die name laat opbly van die kinders wat toestemming van hul ouers gekry het om te teken. Daar was dus geen dwang nie. [22].

Die komitee het nog op hierdie stadium vir mej. Janssens in die bresse getree en gevra dat die S.G.O. haar afdank-

---

20). Notule : Bloemhof Skoolkomitee. 17 Oktober 1900.
21). Vir petisie sien Byvoegsel I.
22). Notule : Bloemhof Skoolkomitee. 17 Oktober 1900.

ing moes terugtrek; maar in Oktober het die toestand so erg geword dat die komitee handelend moes optree.

Die 19de Oktober 1900 gee prof. Hofmeyer kennis dat hy gehoor het dat mej. Janssens weer op ergerlike wyse haar politieke gevoelens in die klas uitgespreek het. Sy het 'n gedeelte van die gedig „Jefta's Dochter" in die klas voorgelees, en die leerlinge nege reëls laat neerskrywe en van buite leer. Daarna het sy daartoe oorgegaan om die oorlog tussen Israel en sy vyande te vergelyk met die oorlog tussen die Boere en die Engelse. Jefta, die held van Israel is vergelyk met Generaal de Wet, die Boereheld. Hierna het sy die vraag gestel, of hul Generaal Roberts sal verwelkom as hy as oorwinnaar Stellenbosch sou binnekom, waarop een geantwoord het dat sy die Union Jack bo sy hoof sou verbrand. Sommige van die leerlinge het haar gedrag betreur, en een van die leerlinge wat teen die Boere is, sou die insident beskryf het om aan haar vader voor te lees. [23]

Professor Hofmeyer en die prinsipale het mej. Janssens daaroor genader en na 'n lang redenasie het sy toe erken dat sy onversigtig gehandel het. Die komitee het lank en ernstig beraadslaag, en eindelik besluit om haar kennis te gee, omdat sy nie na hul herhaalde waarskuwings geluister het nie. [24].

Die ouers wat die petisie onderteken het in Julie 1900, wou die saak ook nie daar laat nie. Die 24ste Oktober 1900 het L.J. Hamilton, namens die petisionarisse, daarop aangedring dat dr. Muir nou 'n tweede meisieskool op Stellenbosch

---

23). Notule : Bloemhof Skoolkomitee. 19 Oktober 1900.
24). Dieselfde.

sou stig. Dr. Muir het hierdie poging gou die kop ingeslaan deur 'n brief gedateer 25 Oktober 1900. In hierdie brief skrywe hy dat hy meer begaan is „about remedying abuses in existing schools than in subsidising a private school championed by a Political Party for the purpose of being run in opposition to a school whose management was of the very same objectionable kind".

Hy verseker hul verder dat hy nie hul versoek veronagsaam nie, maar wys daarop dat die gebrek aan feite hom verhinder om 'n beslissing te gee. As die vasstaande feite eers geskei kan word van al die teenstrydighede, en die politieke vooroordeel, sal hy sy beslissing gee.

Teen hierdie tyd was die Rynse skool op sy laagwatermerk, en daar was sprake dat die skool tot niet sou gaan. 25). Dr. Muir wou van hierdie geleentheid gebruik maak om die petisionarisse tevrede te stel, deur die Rynse skool 'n publieke skool te verklaar.

Die Skoolkomitee het heftig hierteen beswaar gemaak en daarop gewys dat die stigting van 'n opposisie-skool die rassehaat oneindig sterker sou laat opvlam as wat reeds die geval was. Hul wys ook daarop dat die persone wat die petisie onderteken het almal nuwelinge op Stellenbosch is, of nooit belang in onderwys gestel het nie. Ses van die nege het maar onlangs na Stellenbosch gekom. Verder sal dr. Muir deur die stigting van 'n opposisie-skool 'n gevaarlike presedent skep, deurdat ander

---

25). Notule : Bloemhof Skoolkomitee. 23 November 1900.

minderhede ook later om 'n skool sou kan kom vra.

Hierdie protes het egter misluk, want die Rynse skool is wel later tot 'n publieke skool verklaar.

Die jare 1896 - 1903 was dus voorwaar 'n tydperk van stryd. Alhoewel die stryd in Mej. Hannay se tyd meer van 'n persoonlike aard was, was dit tog net so hewig en onpesierig as die politieke stryd in die tydperk van mej. Lucy Joubert.

HOOFSTUK VII.

DS. NEETHLING DIE VADER VAN BLOEMHOF.

Kort na hierdie moeilike jare van stryd en woeling is die steunpilaar en vader van Bloemhof, ds. J.H. Neethling, ook oorlede, op die 26ste Februarie 1904. Alhoewel ds. Neethling nie altyd prominent op die voorgrond getree het nie, was hy tog die lewe van die onderwysinrigtings op Stellenbosch. Hy was die persoon wat op die kritieke tydstip telkens na vore geroep is om leiding te neem en daadwerklik op te tree.

Oppervlakkig beskou, skyn dit asof prof. Hofmeyer eerder die vader van Bloemhof genoem kan word, omdat, soos ons gesien het, hy grotendeels verantwoordelik was vir die voorbereidingswerk, maar toe die tyd aangebreek het dat handelend opgetree moes word, gee prof. Hofmeyer die leisels in die hande van ds. Neethling en dit was ds. Neethling wat Bloemhof op haar eerste skrede gelei het, en die fondament heg en vas gelê het.

Voor ons daartoe oorgaan om te wys op die voortreflike dienste wat hy aan Bloemhof gelewer het en die hoogagting en liefde wat hy geniet het, is dit nodig dat ons eers iets omtrent sy lewensgeskiedenis meedeel.

Ds. Neethling was by uitstek bekend as 'n sendingvriend en as yweraar vir die opvoeding van die jeug. Hierdie twee voortreflike karaktereienskappe het hy sekerlik van sy voorouers oorgeërf. Die Neethlings is van Duitse afkoms. Die ou stamvader, Christiaan Ludolph Neethling, is op 21 Desember,

1717 in die graafskap Ruppen, in die dorpie Wilburg, gebore. Reeds op 18 jarige leeftyd is hy aangestel as hoof van 'n skool in Pruisies Pommere. Hierna was hy posmeester in die koninklike leër in Ruppen; maar het die betrekking in 1740 opgegee met die doel om hom in Italië te gaan vestig. Omdat hy streng Protestants was, het 'n vriend hom aangeraai om liewer nie te gaan nie. Hierop besluit hy om in diens van die Hollands-Oos-Indiese Kompanjie te tree en na Oos-Indië te gaan. Op reis het hy baie siek geword, en moes die 27ste Oktober 1740, toe hy aan die Kaap land, na die hospitaal gedra word. Na sy herstel het hy by dr. Jan van Schoor gaan inwoon en uit erkentlikheid die twee seuns van dr. van Schoor lesse op die klavier gegee. Kindelik het hy besluit om hier te bly woon, en hy het ook spoedig opgang gemaak, totday hy in 1756 Sekretaris van die Raad van Justisie geword het. In 1762 is hy met Maria Magdalena Storm getroud. Hy was innig godsdienstig en daarby 'n sendingvriend. Hy was 'n warme ondersteuner van Georg Schmidt, die eerste sendeling onder die Hottentotte in Suid-Afrika, en het self ook onder die Hottentotte gearbei.

Sy laaste jare het hy op Stellenbosch deurgebring.

Die tweede oudste seun van die ou stamvader was Johannes Henoch. Hy is op 26 Augustus 1770 gebore, en was die eerste Afrikaner wat 'n regsgeleerde geword het. Op sewejarige ouderdom is hy na Holland gestuur om aan die Latynse skool te Weesp onderwys te ontvang, „ter verdere erlanging eener goede en christelyke educatie", soos sy vader dit uitge-

druk het. In 1791 het hy die graad van doktor in die regte aan die Leidse Universiteit behaal en is hy bevorder tot advokaat. In 1792 keer hy na Suid-Afrika terug met die bedoeling om in Batavia te gaan praktiseer; maar die weg van die Voorsienigheid was anders. Ook hy word op die reis so siek dat hy nie dadelik kon verder gaan nie. Daarby is sy vader ook kort voor sy aankoms oorlede, sodat hy eers sake in orde moes bring. Hy kry dus verlof om 'n tydjie hier te bly, en dit was lewenslank. Hy het verskeie poste beklee, tot hy in 1814, toe die Kaap finaal Brits geword het, aangestel is as lid van die Raad van Justisie, teen 'n salaris van £1500. In 1823 het hy op pensioen afgetree.

Hierna wy hy hom veral aan opvoedingssake. In 1829 was hy een van die oprigters van die S.A. Kollege - waarvan hy jare lank voorsitter was.

Reeds in 1804 was hy een van die stigters van die skool „Tot Nut van't Algemeen". In die twintiger en dertiger jare het in Kaapstad verskeie letterkundige, wetenskaplike en landboukundige genootskappe bestaan, asook klein kinderskole en almal het hy ondersteun en was hy lid van. Hy was 'n vooraanstaande vrymesselaar en het die logis De Hoop en L' Esperance gestig en was daarvan die groot meester.

Die vrymesselaars-opvoedingsfonds, wat vandag nog bestaan is ook sy stigting. Hy was met Anna Catharina Smuts getrouę, maar die huwelik was kinderloos.

Na die dood van sy oudste broer, wat maar behoeftig

was, het hy twee van sy kinders as sy eie aangeneem, t.w. Hendrik Johannes, die vader van ds. Neethling en Anna Catharina.

Die eerste naamgenoot van advokaat Neethling, Johannes Henoch, is in 1826 gebore, en was die derde seun van Hendrik Neethling en Engela Albertyn. Ook vir sy opvoeding het sy peetoom betaal. Toe hy 9 jaar oud was is hy na die skool „Tot Nut van't Algemeen". Hier in Kaapstad het die jong Neethling en sy vriend Johannes Hofmeyer, later professor Hofmeyer, onder die prediking van ds. Stegmann tot bekering gekom en het hul besluit om na Holland te gaan omin die Teologie te studeer. Dit was vir die jong Neethling baie swaar om hierdie besluit aan sy peetoom mee te deel, want hy het sy hart daarop gesit dat Johannes ook in sy voetspore moes volg en advokaat word. Bowendien was sy oom, soos ons reeds aangetoon het, 'n sterk vrymesselaar, en Luthers.

Die ou oom was verstandig genoeg om nie sy kleinseun in sy voornemens te dwarsboom nie, en het ingewillig dat hy in die Teologie kon gaan studeer.

In Holland het Johannes Neethling onder die besef gekom van die liberale gees in die kerk van Holland, en was hy een van die vurige kampvegters vir die Gereformeerde leer.

Na vyf jaar keer hy na sy vaderland terug, en word beroep na die gemeente Prins Albert, waar hy vir ag jaar getroue diens gelewer het, totdat hy in 1858 beroep word na Stellenbosch. Hy is die 18de Julie 1858 hier bevestig en het hier gearbei tot sy dood toe, op 26 Februarie 1904. [1]. In hierdie

ses-en-veertig jaar het ds. Neethling voorwaar sy stempel afgedruk op Stellenbosch. Ds. Neethling was nie net die vader van Bloemhof nie, maar die vader van Stellenbosch. 2).

Soos blyk uit die geskiedenis van die Neethling-familie, het die stamvaders besonder veel belang gestel in die opvoeding en onderwys van die jeug. Die ou stamvader was 'n onderwyser in Duitsland, en sy tweede oudste seun, Johannes Henoch, was 'n advokaat, wat veel belang in onderwyssake gestel het, en sy latere lewe geheel en al daaraan gewy het. Dit verbaas ons dus nie dat ook ds. Neethling juis op die gebied van die opvoeding en onderwys onuitwisbare voetspore nagelaat het nie.

In belang van die opvoeding het hy dikwels persoonlike ongerief gely, maar dit alles het hy gedoen in diens van sy volk. Toe Bloemhof gestig is, was daar nog nie voorsiening vir losies gemaak nie. Reeds vanaf die begin was daar al kosgangers wat ver uit die kolonie en selfs uit Natal gekom het. Alhoewel ds. Neethling self 'n groot huisgesin gehad het, het hy nie geaarsel om sy pastorie tot beskikking van Bloemhof te stel nie. Die kosgangers sowel as mej. Gilson het dan ook hul intrek in die pastorie geneem. Die groot pastorie, waar dr. Snyman tans in is, was so vol, dat ds. Neethling se eie huisgesin soms nie geweet het waarheen om hul te wend nie.

---

1). Op Bls. 79: Die feite in verband met die afkoms van ds. Neethling is verkry uit 'n verslag wat deur sy dogter, mej. Ella Neethling, opgestel is.
2). De Zuid-Afrikaan. 27 Februarie 1904.

In die huislike omgewing het Bloemhof se eerste kosgangers baie gelukkig gelwe en daar is hegte vriendskapsbande gesmee tussen die pastorie en die onderwyseresse en kinders. In 1877 het ds. en mev. Neethling hul silwer bruilof gevier, en by die geleentheid het die onderwyseresse van Bloemhof, t.w. mejj. H.J. Gilson, A.L. Steele, E.A. Ingraham, J.E. Wright en Lester hul 'n adres aangebied waarin hul hul waardering betuig vir die vreugde en blydskap, wat deur die pastorie in hul lewes gekom het. As blyk van hul waardering en liefde het hul hom 'n Bybel aangebied. 3).

Ds. Neethling was nie net die vriend van die onderwyseresse van Bloemhof nie, maar ook die groot vriend van die kinders. Toe hy in Desember 1862 terugkeer na 'n lang tyd van afwesigheid is 'n adres vol kinderlike eenvoud en opregtheid hom aangebied deur 19 van sy katkisante waarin hierdie treffende smeekbede voorkom „Ga toch niet weder zoo lang van ons weg, want wy hebben u zoo lief". 4).

Dit verbaas ons ook nie dat ds. Neethling so'n kindervriend was nie, want hy het kind gebly en kon dus saamlewe met die kind. Hoe vol geesdrif kan sy kinders nog vertel hoe lekker hy met hul saamgespeel het, en hoe kon hy hom nie verdiep in 'n eenvoudige kinderverhaal nie ! Dit word vertel dat hy saans voor hy gaan slaap eers 'n draai in die kinders se kamer gaan maak het, en dan so verdiep geraak het in een of an-

---

3). Oorspronklike adres onder papiere van ds. J.H. Neethling.
4). Oorspronklike adres onder papiere van ds. Neethling.

der kinderstorie dat mev. Neethling hom moes roep om te kom slaap.

Temidde van al sy werksaamhede het hy altyd vir kinders tyd gehad. In Desember 1898 is Bloemhof deur die Kaptein van die Carisbrooke Castle uitgenooi om die skip te kom besoek. Ds. Neethling is ook saam, alhoewel hy al reeds 72 jaar oud was. Die namiddag is alle soorte kompetisies gereël en wat was die vreugde groot toe die pryse uitgedeel word en ook ds. Neethling 'n prys ontvang. Ons gee die beskrywing soos dit verskyn in die „Stellenbosch Students' Quarterly" van Desember 1898.

„Who do you think got a prize for tailing the donkey ? Our pastor - who is always ready to take part in our pleasure - Rev. Neethling, and no one was more heartily cheered."

Bloemhof het voorwaar in hom nie net 'n raadgewer gehad nie, maar ook 'n vriend.

In Bloemhof het hy baie belang gestel en vanaf die stigting in 1875 tot aan sy dood in 1904 op die bestuur in een of ander amp gedien, en oor alle sake betreffende Bloemhof 'n wakende oog gehou.

Ds. Neethling was veral daarop gesteld dat die godsdienstige toon in Bloemhof botoon moes voer. Teen 1898 het die ander vakke langsamerhand die godsdiens verdring, en hierdie feit het ds. Neethling baie bedroefd gestem. In die Kerkbode van 10 November 1898 rig hy 'n uitnodiging aan alle onderwysers wat met hom eens is dat „onze Heer en Heiland, als de

groote en ware kindervriend, regt heeft op het onderwys der jeugd," om vir 'n konferensie op Stellenbosch byeen te kom, teneinde die saak te bespreek.

Dat ds. Neethling voorwaar die seël was van alle onderwysinrigtings op Stellenbosch blyk duidelik uit die volgende getuienisse.

In 'n adres wat die Kerkraad hom aangebied het op sy silwer bruilof en die 200-jarige bestaan van die gemeente van Stellenbosch word as volg gewag gemaak van sy dienste op onderwysgebied ;

„Allereerst roemen en pryzen wy den naam van Onzen God, dat Hy U Weleerwaarde bekrachtigd, en begenadigd heeft, om gedurende al deze 25 jaren voor de opvoeding, in 't algemeen, aan deze plaats te zyn, hetgeen gy geweest zyt, en dat Hy u genade heeft geschonken door uwe onvermoeide pogingen, om die plaats in te neemen welke gy bekleeden onder de opvoedingsinrichtingen in ons land".

Dieselfde gees adem 'n adres wat die Kerkraad hom in Desember 1902, met hul goue bruilof, aangebied het, „Op schoolgebied was uwe leiding ons altyd tot een prikkel om steeds hoogen te gaan in de opvoeding onzer jongelingschap."

Treffend skrywe De Zuid-Afrikaan van 27 Februarie 1904 na aanleiding van die dood van ds. Neethling. Hul wys daarop dat hy 'n lewendige aandeel geneem het in alle opvoedingswerk. Hy was sekretaris van byna alle instellinge van onderwys en tot aan sy dood van die College Raad. Dis nie nodig om vir hom 'n standbeeld op te rig nie, want heel Stel-

lenbosch staan as 'n onverganklike monument. Nie slegs die Universiteit staan as 'n monument nie, maar ook die Hoërskool vir seuns, een van die bloeiendste skole vir jongdogters - Bloemhof - maar veral die kweekskool.

Ds. Neethling was die vader van Stellenbosch en „Stellenbosch zal hem eeren en in liefde gedenken tot her verste nageslacht; de Kerk zal zich zyner herinneren als den onvermoeibaren voorganger en yweraar van de gestadigde uitbreiding van Gods Koninkryk; Zuid-Afrika zal hem met eerbied en liefde in haar herinnering bewaren als een van haar grootste zonen," so besluit De Zuid-Afrikaan.

By hierdie studie het die besef by ons plaasgeneem dat die jong geslag so weinig weet van hierdie Godsman en opvoedkundige. Hoeveel maal stap ons by die Moederkerk verby sonder om eers sy standbeeld raak te sien of te weet wat hy vir Stellenbosch beteken het. Hoeveel Bloemhoffers weet dat hy hul skool gestig het en die eerste 39 jaar help bou het tot die bloeiende skool wat dit vandag is. Dit word tyd dat iemand sal onderneem om sylewe te boek te stel.

HOOFSTUK VIII.

DIE STRYD OM DIE VOERTAAL VAN BLOEMHOF.

Soos ons in 'n vorige hoofstuk aangedui het, kan die eerste tydperk in die geskiedenis van Bloemhof, 1875 - 1897, bestempel word as die Amerikaanse tydperk. Gedurende hierdie tyd het Bloemhof gestaan onder die bestuur van Amerikaanse dames en was die voertaal uitsluitlik Engels. Hollands was 'n keusevak, terwyl Engels verpligtend was. Reeds voor die stigting van Bloemhof is die Hollandse taal deur allerhande maatreëls onderdruk. Hierdie onderdrukking bereik sy hoogtepunt in 1865 toe 'n Onderwyswet aangeneem is, wat bepaal het, dat staatsondersteuning alleen toegestaan sal word op voorwaarde dat: „The medium of instruction in all first and second class Public Schools was to be English, and in the third class school it was to be introduced at the lapse of twelve months." 1).

Alhoewel die proklamasie van 1822 voorsiening gemaak het vir die invoer van Skotse predikante en onderwysers om die Engelse taal aan die koloniste te leer, het dit tog nie definitief die Hollandse taal uit die skool en kerke verban nie. Die wet van 1865 het verreikende gevolge gehad, want dit het ook die plattelandse skole, waar die Hollandse taal ten spyte van vroeëre maatreëls blykbaar nog in ere gehou is, geraak.

Volgens die wet van 1865 moes die voertaal in Bloemhof dus ook Engels wees indien hul die voordele van staatsondersteu-

1). Malherbe, E.G. : Education in South Africa. p.97.

ning wou geniet.

Teen die einde van die 19de eeu het daar egter verskeie stemme opgegaan ten gunste van die Hollandse taal. In De Zuid-Afrikaan van 1890 verskyn verskeie briewe waarin daarop aangedring word dat die Hollandse taal tot sy reg moes kom. Onder die leuse „Niet anti-Engelsch, maar voor de Taal onze vaderen!" 2)., het prof. N. Mansveld 'n breedvoerige pleidooi gelewer vir die regte van Hollands, en hierby het prof. A. Moorrees hom in Mei 1890 aangesluit en ook gepleit vir die doseer van Suid-Afrikaanse geskiedenis op skool, en die stigting van 'n Taalbond in die vooruitsig gestel. 3).

Hewige weerstand het nie uitgebly nie. Drogredenasies soos, „Myn kind kent reeds Hollandsch en hoeft het dus op school niet meer te leeren" is gebruik. Sterk pleidooie vir slegs een taal, Engels, is gelewer onder andere deur J.W. Overbeek in die South African Review van 16 Augustus 1901. Hy skryf as volg: „Let us have only one language for all, and no Taal in our Public Schools, so that after the present generation it may become obsolete and useless not only in court and school but also with the coloured population and the Dutch Reformed Church."

Overbeck het reg geprofiteer wat Hollands betref, maar hy het nie rekening gehou met 'n veel magtiger faktor, die opkoms van Afrikaans as 'n selfstandige taal nie.

Die werklike beweging om Afrikaans as skryftaal te gebruik word in 1872 ingelei deur 'n brief van Arnoldus Pannevis

2). De Zuid-Afrikaan. 24 April 1890.
3). Dieselfde. 8 Mei 1890.

in De Zuid-Afrikaan. In hierdie brief pleit hy vir die vertaling van die Bybel in Afrikaans. 4).

In 1875, dieselfde jaar wat Bloemhof gestig is, word die Genootskap van Regte Afrikaners gestig deur ds. S.J. du Toit en Hoogenhout, met die doel tot opwekking van die nasionale gevoel en die verheffing van Afrikaans tot skryftaal. Dit sou egter nog lank duur, voordat Afrikaans sy regmatige plek op Bloemhof sou inneem.

Die periode wat Bloemhof onder die leiding van mej. Lucy Joubert gestaan het kan beskou word as die oorgangsperiode van 'n suiwer Engelsmedium skool, via meer Nederlands, tot 'n Afrikaansmedium skool.

In die begin van die twintigste eeu het daar dan ook al meer en meer stemme opgegaan vir moedertaal-onderwys, d.w.s. Hollands. In November 1911 was daar reeds 'n Waaksaamheidskomitee gestig, bestaande uit dr. G. Cillie, mnr. J.C. Pauw, mev. Schonken en mev. G. Cillie, om toe te sien dat Hollands tot sy reg kom op die skole. Die 27ste November 1911 het die Waaksaamheidskomitee die Skoolkomitee vergadering bygewoon en die vergadering toegespreek oor die belangrike eis, „dat 't aanvangst onderwys door middel van de Moeder Taal geschieden zal". 5).

Die Skoolkomitee het in hul gevoelens gedeel en belowe om te trag om voldoening te gee. Die ouers het die saak ook ernstig opgeneem en daarop aangedring dat die komitee 'n deeglike onderwyseres sou aanstel, en nie net een wat Hollands

---

4). Anna J. de Villiers : Die Hollandse Taalbeweging in S.A.
5). Notule : Bloemhof Skoolkomitee. 27 November 1911.

kon praat nie.

Die 22ste Julie 1913 het die voertaalkwessie weer ter sprake gekom, en op voorstel van die prinsipale, mej. Joubert, is besluit om voortaan een kindergarten onderwyseres met een assistent aan te stel, maar albei moet tweetalig wees, sodat hul deur albei media onderwys kon gee. 6).

Dit het egter baie moeite gekos om 'n geskikte onderwyseres vir die Hollandse afdeling te verkry. Uiteindelik is besluit dat prof. Mansveldt 'n onderwyseres uit Holland sou ontbied. Mej. Hauwert het toe uit Holland gekom om hierdie pos te vul. Dit sou egter spoedig blyk dat ook Hollands nie meer die moedertaal is nie, en dus ook nie bevrediging gee nie. Mej. Lucy Joubert deel ons mee hoe sy eendag in die kindertuin gekom het toe die juffrou besig was om die kinders te vertel van 'n „stroo berg" en niemand haar verstaan het nie. Sy sê toe vir haar „Ag juffrou praat maar liewers van 'n mied dan sal hul jou almal verstaan."

In hierdie stryd het dr. Muir tegemoetkomend opgetree. Dit was sy oogmerk om Engelse sowel as Afrikaners altyd gelyk te behandel. In 'n toespraak gehou by die opening van 'n vlerk van die Industrieele skool te Uitenhage het hy te kenne gegee dat dit sy voorneme is om alle vooroordele uit te skakel en beide seksies gelyk te behandel; en die hoop uitgespreek dat sy werk altyd 'n nie-politieke kleur sou hê. Hy is dan ook dadelik beskuldig van pro-Afrikaans te wees, 7) en minder vir die Engelse te doen.

---

6). Notule : Bloemhof Skoolkomitee. 22 Julie 1913.
7). South African Review. 5 Julie 1901.

Toe die Skoolkomitee so ver gekom het om 'n Hollandse kindergarten onderwyseres aan te stel, het daar weer nuwe moeilikhede opgeduik. Die inspekteur wat aangestel was om Stellenbosch distrik te inspekteur was nie bevoegd om Hollands te eksamineer nie, sodat die Skoolkomitee die Skoolraad moes versoek om die Departement te versoek om 'n ander inspekteur, dr. Haarhof, na Bloemhof te stuur. 8).

Die invoer van Hollands medium in die laer afdeling van Bloemhof het heelwat teenstand ondervind. Sommige ouers het daarop gestaan dat hul kinders net deur medium van Engels opgevoed moet word. Toestande het so ingewikkeld geword dat die Skoolkomitee die vraag, in Junie 1917, moes oorweeg, of dit nie tyd geword het om skikkings te tref waarby daar aan Bloemhof slegs 'n Hollandse en aan die Rynse skool slegs 'n Engelse kindertuin sou bestaan nie.

Die komitee het besluit om die saak vireers so te laat, aangesien daar plaaslike moeilikhede was. Hul het egter erken dat die beginsel opvoedkundig gesond is. 9).

Die stryd om Hollands het nie verder as die kindertuin-afdeling vrugte afgewerp nie. Teen hierdie tyd was die spreektaal van die bevolking van Suid-Afrika ook nie meer Hollands nie, maar Afrikaans. Die opkoms van Afrikaans sou dus die stryd opnuut laat ontvlam. Die voorstanders van die jong taal sou nie rus voor Afrikaans orals in ons publieke lewe ge-

---

8). Notule : Bloemhof Skoolkomitee. 11 November 1913.
9). Dieselfde. 11 Junie 1917.

bruik en erken word nie.

Toe die Onderwys-ordonnansie van 1919 die lig sien, het die Skoolkomitee van Bloemhof dadelik handelend opgetree. Op die 1ste September 1919 het die komitee in oorleg met die prinsipale eenparig die volgende besluit geneem:

„Ooreenkomstig de Onderwys (Hollandse Taal) Ordonantie, 1919, erkent en machtigt deze kommissie het gebruik van Afrikaans als medium van onderwys in alle of in enige standaarden of klassen en in alle vakken van onderwys, behalve in de Engelse Taal as vak, waar Engels het medium zal zyn; en in de Hollandse Taal als vak boven standaard VII, waar Hollands als medium zal gebruikt worden".

De kommissie erkent en machtigt het gebruik van Afrikaans als vak van onderwys in alle standaarde of klassen tot en met standaard VI, met dien verstande dat in standaarden V en VI Hollands als leestaal naast Afrikaans word ingevoerd; zo dat de leerlingen de Hollandse taalvorm gemakkelik leren lezen, verstaan en genieten, zonder dat het evenwel van hen verwacht wordt dat zy Hollands als spreek- en schryftaal zullen gebruiken". 10).

Oor die gebruik van Afrikaans as vak van onderwys bo standerd VI het die komitee vireers geen besluit geneem nie. Met hierdie stap het nuwe moeilikhede opgeduik. Die onderwyseresse wat in die toekoms Afrikaans as medium moes gebruik en as vak doseer, het self hulp en toeligting nodig gehad. Die komi-

---

10). Notule : Bloemhof Skoolkomitee. 1 September 1919.

tee het hul tot die Universiteit van Stellenbosch gewend, en in November 1919 het die Universiteit ingewillig om vanaf 1920 'n kursus in Afrikaans vir onderwysers in te stel. 11).

Na die eerste proeftydperk verby is, het die Skoolkomitee op 18 April 1921 opnuut hul besluit van 1 September 1919 bekragtig, maar besluit nou om die gebruik van Afrikaans as leervak in alle klasse bo standerd 6 te erken en magtig. 12).

Tot hiertoe was die notule van die Bloemhof Skoolkomitee nog altyd in Hollands geskrywe, maar die 14de Junie 1921 verskyn die notule die eerste keer in Afrikaans en wel onder die sekretarisskap van prof. dr. E.C. Pienaar.

Die besluit van die Skoolkomitee is nie dadelik honderd persent ten uitvoer gebring nie. Die Skoolkomitee het die 23ste Augustus 1921 weer byeengekom, en hul ontevredenheid te kenne gegee met die toepassing van die voertaal in sekere vakke in Bloemhof, waar die medium nog Engels was, alhoewel die klasse oorwegend Afrikaanssprekend was. 13). By die geleentheid is ook weer sprake van onderhandelings om Bloemhof in die Rynse skool te amalgameer.

Die Departement het naamlik kennis gegee dat mej. Wright, die hoof van die Rynse skool, en ds. J. Weber, die S.G.O. kom spreek het oor die voortbestaan van die Rynse skool. Hul het daarop gewys dat daar baie oorvleueling van werk plaasvind met die twee skole naasmekaar. Die kompetisie tussen die

11). Notule : Bloemhof Skoolkomitee. 17 November 1919.
12). Dieselfde. 18 April 1921.
13). Dieselfde. 23 Augustus 1921.

twee verhoed dat die opvoeding van dogters op Stellenbosch so doeltreffend is as wat dit behoort te wees. Hul stel voor dat die komitees wat in die saak betrokke is, 'n skema moes opstel om die funksies van die twee skole te omskrywe.

Hul stel voor dat die Bloemhofskool hul toelê op 'n akademiese kursus wat sou lei tot matriek en die Universiteit, asook 'n algemene kursus in drie tale, wetenskap, geskiedenis, geografie, rekenkunde, teken en musiek, wat sou lei tot die Senior Sertifikaat eksamen. Hierdie kursus sou dan bedoel wees vir onderwyseresse en vir ander dogters wat 'n algemene opleiding wou hê.

Die Rynse skool daarenteen sou hul besig hou met 'n kursus wat die dogters sal voorberei vir toekomstige moeders (for life in the home). Hierdie kursus sou dan insluit : (a) Eerste taal, (b) Tweede taal, (c) Wetenskap (Biologie, Gesondheidsleer en Fisiologie), (d) Geskiedenis en Aardrykskunde, (e) Huishoudkunde, rekenkunde, kookkuns en was en stryk of huisbestuur, (f) Naaldwerk of teken of musiek. 14).

Die Skoolkomitee van Bloemhof het die voorstelle bespreek en dit eenparig verwerp. Hul het daarop gewys dat daar dan weer voorsiening vir paralel klasse gemaak sou moes word en dit sou beteken dat b.v. wetenskap aan vier verskillende klasse gegee moes word naamlik, 'n Engels- en Afrikaansmedium klas in elke skool.

---

14). Notule : Bloemhof Skoolkomitee. 29 Augustus 1921.

Die komitee het verder hul verbasing uitgespreek dat die medium van onderwys heeltemal in die voorstel, oor die hoof gesien is, en juis dit, het hul gevoel, moes voorkeur bo alle ander vraagstukke geniet het.

Die leerlinge wat toe die „home makers' course", by Bloemhof volg sou dan na die Rynse skool oorgeplaas moes word, en dit sal sterk teenkanting van 'n deel van die ouers ondervind.

Die komitee het tot die volgende besluit gekom:-
„My Committee is unanimously and strongly of opinion that the most natural and only efficient way of dividing the activities of the two schools is for the Bloemhof School to become an Afrikaans medium and the Rhenish an English medium school, and that each school offer as great a variety of courses as the number of candidates for the several courses warrant." 15).

Hierna het die Bloemhof komitee 'n onderhoud gehad met die Rynse skool, op 20 September 1921, en die Rynse komitee het hul eenparig met die voorstel vereenselwig. 16).

Maandag, die 17de Oktober 1921, het die Skoolkomitees van Bloemhof en die Rynse skool 'n gesamentlike onderhoud met die S.G.O. dr. Viljoen, gehad. By hierdie byeenkoms is finaal teen amalgamasie besluit. Ds. D.S. Botha het die volgende dag, 18 Oktober 1921, in die Skoolkomitee-vergadering kennis gegee dat by die byeenkoms besluit is dat Bloemhof vanaf 1 Januarie 1922

---

15). Notule : Bloemhof Skoolkomitee. 29 Augustus 1921.
16). Dieselfde. 20 September 1921.

'n Afrikaansmedium skool sou wees en die Rynse skool 'n Engelsmedium, met die verstande dat wedersyds geen dwang uitgeoefen sou word nie, waar ouers ooreenkomstig die wet na standerd IV die tweede taal as voertaal mag verlang nie. [17].

Die ouers van die Engelssprekende kinders is van hierdie besluit in kennis gestel. Alhoewel daar verskeie kinders van Bloemhof na die Rynse skool gegaan het, het daar niemand van die Rynse skool na Bloemhof oorgekom nie. Na ondersoek blyk toe dat die komitee van die Rynse skool nie die saak aan die ouers verduidelik het nie.

Hierdie nuwe reëlings het alleen twee eentalige onderwyseresse in Bloemhof geraak, t.w. mej. Murray, die teken onderwyseres en mej. Stevens, die onderwyseres in gimnastiek. Die Skoolkomitee het derhalwe aan die Skoolraad kennis gegee dat hul na 31 Desember 1922 geen verdere gebruik van mejj. Murray en Stevens kon maak nie, omdat hul eentalig is. [18]. Die Superintendent-Generaal van Onderwys het in 'n brief gedateer 18 September 1922 daarop gewys dat hy die posisie van die Skoolkomitee insien, maar ook volgens seksie 175 van die Gekonsolideerde Onderwys Ordonansie aan genoemde onderwyseresse beskerming moes bied. Hy vra dus dat hul vrywillig verandering moes maak, en dat die Departement hul die nodige bystand sou verleen.

Dit blyk egter dat die twee onderwyseresse nie moeite gedoen het om ander poste te verkry nie en geweier het om

---

17). Notule : Bloemhof Skoolkomitee. 18 Oktober 1921.
18). Dieselfde. 6 September 1922.

saam te werk. Mej. Murray het b.v. geweier om 'n ander vak in die sekondêre afdeling te doseer. [19].

Die Skoolkomitee het 'n memorandum opgestel waarin hul daarop gewys het dat die posisie van mej. Stevens onhoudbaar is, en kragtens wet sedert jare onhoudbaar was.

Soos die posisie toe was, het mej. Stevens les aan Afrikaanssprekende kinders in standerds I tot en met IV deur medium van Engels gegee, en dit was duidelik in stryd met die wet, soos neergelê in Ordonansie No.5 van 1921.

Die Skoolkomitee het derhalwe beslis geweier om langer toe te laat dat die wet oortree sou word ten nadele van die onderwys in Bloemhof.

In die memorandum wat onderteken is deur prof. dr. E.C. Pienaar, word daarop gewys dat die Skoolkomitee namens die ouers Afrikaans as voertaal gekies het na Standerd IV vanaf Januarie 1922. Waar mej. Stevens ook na Standerd IV nog steeds Engels as voertaal gebruik, geskied dit in stryd met die keuse van die ouers, en met die memorandum van die Departement en met die wet soos neergelê in Ordonansie No.5 van 1921.

Aangesien mej. Stevens reeds 'n jaar kans gehad het om na 'n ander betrekking uit te kyk, voel die komitee dat hul nie langer die toestand van sake mag duld nie. Hul gee daarom beleefdt aan die Departement kennis dat die gimnastiek-onderwys wat die 422 Afrikaanssprekende leerlinge betref, vanaf begin 1923 gestaak sal word. As die Departement mej. Stevens nog

---

19). Notule : Bloemhof Skoolkomitee. 6 September 1922.

langer wil handhaaf vir die Engelssprekende leerlinge het hul daar vrede mee. Maar vra dan vergunning om kragtens wet voorsiening te maak vir 422 Afrikaanssprekende leerlinge deur die benoeming van 'n addisionele tweetalige gimnastiek-onderwyseres.

Vir mej. Murray het dieselfde besware gegeld. Die komitee is bewus daarvan dat die wet eentalige onderwyseresse beskerming verleen, maar daar word ook in die wet neergelê dat die beskerming berus op die voorwaarde, „dat hy tot bevrediging de werkzaamheden vervult waartoe hy aangesteld werd." Dit was juis die groot beswaar van die komitee, dat die onderwys in hierdie twee gevalle onbevredigend is, omdat dit in stryd met seksies 294 en 295 is, en nie geskied in die huistaal van die leerlinge nie. Die memorandum sluit met die volgende vraag: „Sou die Departement ons wil meedeel wat ten slotte swaarder weeg; die belange van twee onderwyseresse of die belange van 422 kinders."

Die kwessie is eindelik bygelê deur die vertrek van genoemde twee onderwyseresse.

Dit het nie so maklik gegaan om al die Engelssprekende kinders uit die skool te kry nie. In November 1922, d.w.s. 'n jaar nadat Bloemhof reeds 'n Afrikaansmedium skool verklaar is, was daar nog 17 Engelssprekende leerlinge in die primêre afdeling. 20). Hierdie klompie leerlinge het 'n groot probleem geskep. Om te verhoed dat hul die ander klasse sou hinder, en ook om aan hierdie minderheid reg te laat geskied, is hul saam

20). Notule : Bloemhof Skoolkomitee. 6 November 1922.

onder die sorg van een onderwyseres geplaas. Die komitee het besef dat hul nie die sewentien leerlinge onder die klasse kon verdeel nie, want dan sou hul weer ten nadele van die meerderheid terugval tot die dubbelmedium.

Aan die anderkant kon hul ook nie die onderwyseres mis nie, derhalwe het hul by die Departement aangedring om 'n addisionele onderwyseres vir die sewentien kinders. Weier die Departement hierdie billike eis, dan laai die komitee die onus op die Departement, om volgens sy eie insigte voorsiening te maak vir die sewentien Engelse leerlinge, maar die komitee, van sy kant, weier om die belange van 151 Afrikaanssprekende leerlinge in die primêre afdeling op te offer vir die van sewentien Engelssprekende kinders. 21).

Die Departement het die versoek geweier, daarop het die komitee besluit om aan die ouers kennis te gee dat die kinders by die gewone klasse ingedeel sou word vanaf 1923 en deur medium Afrikaans onderrig sou ontvang. Van die vyftien leerlinge wat teen 1923 nog in Bloemhof was is nege hierop teruggetrek, maar ses het aangebly. 22).

Op hierdie stadium het allerlei gerugte die ronde gedoen as sou Engels 'n verbode taal in Bloemhof wees. Die komitee het hierop besluit om 'n brief op te stel waarin die posisie verduidelik word, en dit in „Ons Land" en „Die Burger" te publiseer, asook 500 afdrukke in die hande van die prinsipale te laat.

---

21). Notule : Bloemhof Skoolkomitee. 6 November 1922.
22). Dieselfde. 12 Februarie 1923.

In hierdie brief is die hele geskiedenis duidelik uiteengesit en verduidelik. Daar is ook met nadruk verklaar dat Afrikaansmedium nie kan beteken dat Engels heeltemal sal uitgeskakel word nie, omdat Engels kragtens wet onderwys moet word, ook in Afrikaansmedium skole. Te meer is daar op die Bloemhof-personeel twee uitstekende onderwyseresse op die sekondêre staf, wat net Engels doseer.

Daar is ook nie dadelik tot Afrikaansmedium oorgeskakel nie, maar geleidelik. In 1923 was die voertaal tot by Standerd ag uitsluitlik Afrikaans, in Standerd nege was dit nog grotendeels Engels en in Standerd tien uitsluitend Engels. Bloemhof sou dus eers vanaf 1925 deur en deur 'n Afrikaansmedium skool wees. 23).

Voordat Bloemhof deur en deur 'n Afrikaansmedium skool was het die prinsipale, mej. le Roux, voorgestel dat daar aan Bloemhof, naas die Afrikaansmedium klasse, ook paralel klasse in Engelsmadium ingestel word, ten einde kinders te behou wat anders Bloemhof verlaat.

Die hele kwessie van die voertaal van Bloemhof is toe weer op 'n vergadering van ouers en voogde, die 15de Augustus 1924, ter sprake gebring. By die geleentheid het ds. Botha as voorsitter opgetree en mnr. A.H. Abbott as sekretaris.

Op die vergadering is deur dr. Perold voorgestel, gesekondeer deur mnr. de Wet:

(a) Dat die bestaande reëlings insake voertaal op die Bloemhof-

---

23). Notule : Bloemhof Skoolkomitee. 9 Junie 1924.

skool gehandhaaf word en

(b) dat aan die studie van Engels as vak ongeveer die helfte meer tyd bestee word as aan die studie van Afrikaans as vak.

Hierdie voorstel is aangeneem.

'n Voorstel van mnr. Cillie dat die onderwyseresse versoek word om in hul omgang met die kinders Engels as spreektaal te gebruik, is afgestem, asook die voorstel van mev. Krige, gesekondeer deur mev. Honiball, dat oorgegaan moet word tot die stigting van paralel klasse.

'n Voorstel van mev. dr. Joubert, gesekondeer deur mev. Brink, dat die voertaal tans in gebruik gehandhaaf moes word, en as die getalle te klein word sodat onderwyseresse afgedank moet word, die ouers gevra sou word om die salarisse te voorsien teneinde hul te behou, word aangeneem. 24).

Dit was 'n geesdriftige bespreking, waaraan twintig persone deelgeneem het. Die 18de Junie is 'n nuwe Skoolkomitee saamgestel, en nou vir die eerste keer het twee vroue sitting geneem, t.w. mev. Barry en mev. Krige. Op die vergadering is besluit om 'n plebiskiet te hou van alle ouers en voogde. 'n Kommissie bestaande uit ds. Botha, mnr. C. Gonin en mej. le Roux, die prinsipale, is benoem om 'n vraelys op te stel. Aan alle ouers en voogde sou vraelyste gestuur word, en na die antwoorde ontvang is sou finaal oor die voertaal besluit word. 25).

Voordat die komitee weer byeen kon kom is 'n spesiale

---

24). Notule : Vergadering van Ouers en Voogde. 15 Augustus 1924.
25). Dieselfde. 18 Augustus 1924.

vergadering belê om 'n deputasie te ontmoet. Die deputasie het bestaan uit dr. E.C. Pienaar, prof. W.E. Malherbe en prof. J.J. Smith.

Prof. Pienaar het beswaar ingebring teen die sirkulêre omdat dit onvolledig opgestel was, en geen melding maak van die voorgeskiedenis nie. Die deputasie het die handelwyse van die komitee as onwettig en eienaardig beskou, omdat die ouers reeds besluit het dat die voertaal moet bly soos dit is. Prof. Malherbe het uitgewei oor die wenslikheid van die moedertaal as voertaal, en beweer dat hul eenparig vir die bestaande stelsel is. Prof. Smith het aangetoon dat terugkeer tot dubbelmedium agteruitgang sou beteken. Hy meen dat die kern van die moeilikheid onkunde aan die kant van die ouers is oor wat onder tweetaligheid verstaan word. Hy beveel aan dat die ouers ingelig moet word. 26).

Die 8ste September het die Skoolkomitee 'n tweede deputasie ontvang bestaande uit mnr. D.G. Cillie en mnr. P.O. Cluver. Na die ontmoeting met die vorige deputasie het die Skoolkomitee gedreig om te bedank. Die tweede deputasie het by hul kom aandring om aan te bly, omdat hul bedanking vir Bloemhof noodlottig sou wees. Hul beveel aan dat meer propaganda vir Bloemhof gemaak word en dat die ouers oortuig moes word dat Engels nie in die skool verwaarloos word nie.

Die deputasie het ten slotte belowe om 'n vergadering van ouers te belê en die komitee die 15de September weer te

---

26). Notule : Spesiale vergadering. 5 September 1924.

ontmoet. [27].

Die 15de September 1924 het mnr. C.M. Neethling verslag gegee van die ouer-vergadering. Daar is besluit:

(a) Dat die meerderheid bly by Afrikaansmedium, behalwe in Latyn en plantkunde waar Engels as medium sal dien, omdat daar nie Afrikaanse handboeke bestaan nie.

(b) 'n Kommissie van Propaganda bestaande uit prof. J.J. Smith, mnre. J.D. Krige (Dawie), D.G. Cillie en P.D. Cluver, met reg van toevoeging, word benoem om saam met die Skoolkomitee die saak duidelik voor die publiek te stel. Hul moes die mediumkwessie verduidelik en die publiek inlig oor die onderwys van Engels in Bloemhof.

Op voorstel van mnr. C.M. Neethling en mev. Barry besluit die Skoolkomitee toe dat die voertaal Afrikaans sal bly. 'n Sub-komitee bestaande uit mevv. Barry, Krige en mej. le Roux is benoem om met die Propaganda-komitee in verbinding te tree omtrent die optrek van 'n prospektus en ander nodige maatreëls te tref. [28].

Die vrees wat by die ouers posgevat het dat Engels sou verwaarloos word was heeltemal ongegrond. Die inspekteursrapport van 24 Augustus 1926 het net die teenoorgestelde bewys.

In die rapport kla die inspekteur dat daar te veel tyd aan Engels bestee word, terwyl Afrikaans die voertaal van die skool is, en die sukses by die eksamens grotendeels afhang

---

27). Notule : Bloemhof Skoolkomitee. 8 September 1924.
28). Dieselfde. 15 September 1924.

van die juiste uitdrukkingsvermoë van die leerlinge, is dit besonder gewaagd om die taal so te laat verarm, want soos toestande nou is, sal dit die noodwendige gevolg wees. Hy sluit sy rapport met die opmerking dat die Engels van die skool goed is en nie so erg vertroetel hoef te word nie.

HOOFSTUK IX.

DIE BETEKENIS VAN MEJ. LUCY JOUBERT VIR BLOEMHOF.

Mej. Lucy Joubert sal altyd met ere vermeld word in die geskiedenis van Bloemhof. Soos sy ook tereg daarop gewys het by haar afskeid, was sy die eerste prinsipale van haar volk. Sy was 'n gawe van God aan Bloemhof in 'n tyd toe Bloemhof die leiding nodig gehad het van iemand wat die volkssiel kon aanvoel en tog simpatiek en onbevooroordeeld teenoor alle seksies kon optree.

Mej. Joubert het die teuels op 'n uiters moeilike tydstip in die bestaan van Bloemhof, in haar hande geneem. In 1897 het mej. Lucy Joubert, mej. ~~Henney~~ Hofmeyer opgevolg en net twee jaar daarna breek die worstelstryd tussen Boer en Brit uit, wat die gemoedere gaande gemaak het en 'n ongekende gevoel van nasionalisme laat opwel het. In hierdie tyd was dit mej. Lucy Joubert se taak om vrede en orde te handhaaf tussen die personeel en die kinders en tussen die kinders onderling. Dat dit soms baie moeilik gegaan het kan ons verstaan. Mej. Janssens, met haar sterk meegevoel vir die Republieke, het haar taak ook geensins vergemaklik nie. Dit tref ons egter dat mej. Joubert nog tot so'n mate daarin geslaag het om die vrede te handhaaf. Die komitee het dan ook telkens hul waardering uitgespreek vir haar taktvolle en onpartydige optrede. 1).

1). Notule : Bloemhof Skoolkomitee. 17 Oktober 1900.

Mej. Lucy Joubert het die slag gehad om moeilikheidjies op 'n mooi weg uit die pad te ruim sodat almal daarmee tevrede is. 'n Mooi voorbeeld hoe taktvol sy te werk kon gaan kom uit in die volgende voorvalletjie. Gedurende die oorlog het twee van die dogters wat van verskillende politieke gevoelens was eendag aan baklei geraak. Die een dogter was 'n Neethling en die ander 'n Mostert. Mej. Joubert het hul toe bymekaar gebring en mooi met hul gepraat. „Kyk", sê sy vir die een, „jy is Mostert, 'n baie sterk ding", en vir die ander dogter „jou van kom van brand netel, ook 'n venynige ding, daarom moet jul baie versigtig wees om nie te stry nie, want altwee is maar kwaai goed". Op die wyse het sy baie moeilikheidjies maklik van die gras gemaak.

Mej. Joubert was nie alleen baie taktvol nie, maar wat haar veral van soveel betekenis vir Bloemhof gemaak het, was haar innige Godsvrug en liefde vir haar volk en haar volk se kinders. Was die voorgangers van mej. Joubert wel ook godsdienstig, kon hul tog nooit so met die Afrikanervolk saamvoel en saamlewe soos mej. Joubert nie. Mej. Joubert het getoon dat die Afrikanerdogter ook tot hoë dinge in staat is en dat dit in die vervolg nie meer nodig sal wees om uitlanders in te voer om ons dogters op te voed nie. Dis opmerksaam dat mej. Joubert 'n brug gevorm het tussen die belangrikste tydperke in die geskiedenis van Bloemhof. Sy tree op as hoof na die Amerikaanse tydperk, en lei Bloemhof deur die voertaalkwessie. Sy het Bloem-

hof leer ken as 'n Engelsmedium skool, en onder haar leiding het Bloemhof in die volgende jare meer na Nederlands geneig; maar toe sy in 1922 aftree laat sy Bloemhof na as 'n Afrikaansmedium skool. Sy het dus ook saam met Bloemhof gegroei en ontwikkel. Soos die Afrikanernasie tot ontplooiing gekom het, het sy en haar bekwame komitees, eers onder die leiding van ds. J.H. Neethling en daarna onderleiding van ds. D.S. Botha, die volksbehoeftes aangevoel en die nodige voorsiening daarvoor in Bloemhof gemaak. Die sukses van Bloemhof moet ons dan ook deels aan hierdie feit toeskrywe.

Mej. Joubert was ook innig godsdienstig. Vir haar was dit 'n vreugde om iets vir haar volk te don doen, iets te kon doen aan die opbou van die karakter van haar volk, 'n karakter op Christelike grondslag gevestig, waarvan alles in die lewe afhang. Met hierdie woorde het sy geantwoord by haar afskeid op al die lofbetuigings. Haar sukses en die sukses van Bloemhof skryf sy dan ook in die eerste plek toe aan die samewerking tussen haar en die komitee, wat altyd met 'n Christelike gees besiel was.

By die afskeid het dr. Neethling daarop gewys hoe mej. Lucy Joubert en ook haar suster mej. Annie Joubert, altyd in stilte volhardend voortgewerk het tot verwesenliking van 'n groot en verhewe doel. Dr. Neethling het oor menslike grootheid gespreek en aangetoon dat mejj. Joubert ware heldinne is. Dit word gesé dat die hand wat die wieg skommel die wéreld re-

geer, maar mejj. Joubert het nog meer as dit gedoen. Hul het nog 'n hoër werk gedoen, hul het ander geleer hoe om die wieg te skommel. Vir hul kom 'n blywende monument toe, in die stigting van 'n Joubert-fonds, waardeur ook die minderbevoorregte lede van ons volk geleentheid sal kry om 'n opleiding te ontvang om vir hul land en volk tot nut en seën te wees.

Dit verbaas ons dan ook nie dat Bloemhof onder die bekwame leiding van mej. Lucy Joubert van krag tot krag gegaan het nie. Toe sy in 1897 die teuels oorneem was daar een losiesinrigting aan Bloemhof verbonde met minder as 40 kosgangers, en die totale getal leerlinge het nog nie die 200 merk bereik nie. In die vyf-en-twintig jaar van haar bestuur het die getalle aanmerklik toegeneem. Toe sy in 1922 op pensioen aftree het Bloemhof vier kosinrigtinge besit met 175 kosgangers en die getal leerlinge het die 450 merk behaal. Voorwaar 'n prestasie.

Alhoewel mej. Joubert Bloemhof onder 'n oorlogswolk oorgeneem het, het Bloemhof tog nie agteruitgegaan nie. In haar verslag van 26 Maart 1901,[2] d.w.s. in die middel van die stryd, maak sy melding van die nadelige invloed wat die oorlog op die skool gehad het, omdat baie kinders weens krygswet verhinder was om terug te keer. Nietemin het die getal kosgangers die jaar die hoogtepunt bereik, naamlik 88. In die jaar was daar 219 kinders op die rol. In Augustus 1902 was die skool reeds te klein en moes daar ander voorsiening gemaak word. In Oktober 1905 het sake reeds sover gevorder dat tenders vir die

---

2). Notule : Bloemhof Skoolkomitee. 26 Maart 1901.

nuwe skool gevra kon word. Op die Skoolkomitee-vergadering van 19 Oktober 1905 is besluit om die tender van J.J. Cruywagen, vir £17,000, aan te neem. 3).

Op die 27ste Julie 1907 is die skool in van Ryneveldstraat in gebruik geneem. Prof. Hofmeyer het die eer gehad om die nuwe gebou te ontsluit en het daarna 'n kort toesprakie gehou. Mnr. J.X. Merriman is gevra om die openingsrede te hou. 'n Kommissie bestaande uit mnre. W.A. Krige, J.D. Krige, en A.F. Markotter is aangestel om te sorg vir die vervoer vanaf die stasie.

Hiermee was 'n ander mylpaal in die geskiedenis van Bloemhof bereik. Mej. Joubert kon toe haar intrek neem in die mooi ruim nuwe skoolgebou en haar werk met ywer voortsit.

Dit is interessant om te weet dat daar ook kleurlinge in Bloemhof opgeneem is. Dit was kinders van ordentlike kleurlinge wat aan die N.G. Kerk behoort het. Omdat daar nog nie voorsiening gemaak was vir sendingskole nie, is hul ook in Bloemhof toegelaat. In 1899 was daar volgens die Inspekteursrapport twee kleurlinge in Bloemhof. Hierdie gebruik het nog lank voortgeduur, want in November 1911 verskyn mnr. Andries de Villiers voor die komitee en maak beswaar dat sy kinders moet saamspeel met die van D. Pool en Muller in die kindergarten. Die komitee het belowe om dit te verhoed, maar het hom blykbaar nie tevrede gestel nie. In September 1912 ontmoet hy weereens die Skoolkomitee en kla nou teen die inname van bruin kinders

---

3). Notule : Bloemhof Skoolkomitee. 19 Oktober 1905.

in Bloemhof, omdat dit volgens sy beskouing „niet alleen onwenschlyk en nadeelig is, maar ook onwettig." Hy gee te kenne dat hy in hierdie saak ook die gevoelens van ander ouers vertolk. 4). Ons kon nie uitvind hoelank daar nog nie-blankes opgeneem is nie, maar hierna kom daar nie weer klagtes voor nie. Die Skoolkomitee het egter definitief 'n ander weg ingeslaan want in Julie 1924 weier hul om die dogter van 'n sekere Griffiths op te neem, omdat mej. le Roux die mening uitgespreek het dat die kind nie heeltemaal blank is nie. 5).

Voordat mej. Joubert die staf neergelê het, het sy die voorreg gehad om die skool te sien klim tot 'n sekondêre skool van die eerste rang. Dit is op die Skoolkomitee-vergadering van 15 September 1919 aangekondig en mej. Joubert is gelukgewens met hierdie nuwe mylpaal wat Bloemhof bereik het.

In hierdie tyd het die voertaalkwessie al begin hewig word. Die laaste jare van mej. Lucy Joubert op Bloemhof, was geensins sonder moeilikhede nie. Sy moes nog hierdie stryd ook vir Bloemhof help deurveg en eers toe die stryd so te sê gewonne was het sy haar staf neergelê, en kon ander voortbou op haar fondamente.

Saterdag 25 November 1922, was 'n groot dag in die geskiedenis van Bloemhof. By die geleentheid het 'n groot reunie van oud-leerlinge plaasgevind en is tegelykertyd afskeid geneem van mejj. Lucy en Annie Joubert, wat Bloemhof vir 25 jaar

---

4). Notule : Bloemhof Skoolkomitee. 18 September 1912.
5). Dieselfde. 14 Julie 1924.

gedien het as prinsipale en vise-prinsipale onderskeidelik.

Om tienuur die môre is die oud-leerlinge in die Kerksaal ontvang en op verversings onthaal. Verskeie van Bloemhof se ou leuses het aan die mure gepryk, soos b.v. „Ad astra per aspera; As ever in my Great Taskmaster's eyes; Aim high as seeing the invisible," ens. Na hierdie onthaal het die besoekers die nuwe opvoedingsinrigtings gaan besoek.

Om twaalfuur is die oud-leerlinge op 'n baie aangename ligte ete, onder die eikebome langs die Kerksaal onthaal. Altesaam het omtrent 300 persone aangesit. Mej. Lucy Joubert is geesdriftig ontvang, en het almal bedank vir hul teenwoordigheid, en die hoop uitgespreek dat die geleentheid hul nouer aan Bloemhof sal verbind. Na 'n dankgebed deur mev. wed. ds. Barry het die ete in aanvang geneem. Mev. prof. Muller het as gasvrou opgetree. Na verskeie toesprake en die oorbring van groetes het ds. W.A. Joubert met gebed gesluit.

Om drie-uur was daar 'n optog na Neethlinghof waar weer heerlike verversings verskaf is. Hier het ds. Botha aan die woord gekom, en op treffende wyse op die invloed ten goede wat altyd van Neethlinghof-kosinrigting uitgegaan het, gewys. Hy het sy besondere dank teenoor mejj. Lucy en Annie Joubert uitgespreek, en die hoop uitgespreek dat Bloemhof steeds van krag tot krag sal voortgaan. As voorwaarde vir die bloei van Bloemhof het ds. Botha gestel die voortbou op die Christelike grondslag soos gestel by die stigting van Bloemhof.

Dr. Lydia van Niekerk het hierna aan die woord gekom en gespreek oor haar herinneringe as oud-leerlinge en oud-kosgangster. Sy wys daarop hoe mej. Lucy Joubert altyd by hul probeer inprint het, om deur hul handelinge in die koshuis altyd ander in aanmerking te neem. Die lewe in die koshuis en skool was altyd gekenmerk deur 'n gees van vriendelikheid, prettigheid en fyne beskaafdheid. As blyk van waardering het sy die voorreg om aan mej. Joubert te oorhandig 'n album met die naamtekeninge op kaartjies van al die aanwesige oud-leerlinge.

Hierna het mej. Lucy Joubert op gepaste wyse geantwoord. Alhoewel, mev. Jannasch voorspel het dat sy Bloemhof „geen bed van rozen zou vinden", was daar tog ook baie vreugde en aangenaamheid aan verbonde. Dit was vir haar 'n vreugde om iets vir haar volk se kinders te kan doen.

Dr. J.H. Neethling het mejj. Joubert geroem as ware heldinne, vir wie 'n blywende monument toekom. Hierdie monument sal die vorm aanneem van 'n Joubert-fonds. By die geleentheid het dr. Neethling aan mej. Lucy Joubert die som van £129 15s. 6d. as neseier oorhandig.

Prof. D. Pauw het die bedankings waargeneem, en ten slotte daarop gewys dat mejj. Joubert hul lewes in belang van Bloemhof opgeoffer het. Hul het saam gewerk, gestry en gebid en hul kragte aan die samelewing gewy. Die dogters van hul land het hul 'n Christelike opvoeding gegee. Hul het hul spore diep van Kaapland tot Zambesi gedruk. Hul was 'n gawe van God.

Hul het hul eers aan God gegee, en God het hul terug aan hul volk gegee.

Nadat mej. Lucy Joubert afgetree het as prinsipale van Bloemhofskool, het sy nog vir 'n paar jaar aangebly as hoof van Neethlinghof-kosinrigting. Hier waar sy intiem met die dogters kon omgaan het sy nog geleentheid gehad om haar invloed te laat geld.

Die 30ste Januarie 1925 het sy ook besluit om hierdie pos neer te lê aan die einde van Junie. Hierdie besluit is met leedwese aanvaar.

In Junie 1925 het mej. Lucy die laaste bande met die skool wat sy so getrou gedien het, verbreek, en ook die kosinrigting vaarwel gesê. Sy het haar daarna op Stellenbosch gevestig, waar sy nog altyd groot belangstelling in Bloemhof toon. Bloemhof het voorwaar 'n eer om mej. Lucy Joubert nog altyd nadat sy reeds drie-en-twintig jaar die amp neergelê het, in hul midde te hê.

Mej. Lucy Joubert is een van die groot onderwyseresse van die vorige geslag wat altyd met ere vermeld sal word.

HOOFSTUK X.

BLOEMHOF VANAF 1922 - 1945.

Soos ons reeds in vorige hoofstukke aangedui het, het Bloemhof vanaf sy stigting tot aan die einde van die prinsipaalskap van mej. Lucy Joubert vinnig vooruitgegaan. Hierna het egter 'n periode van agteruitgang ingetree. Sommige het hierdie agteruitgang aan die Afrikaansmedium toegeskrywe, terwyl ander daarop gewys het dat dit 'n algemene verskynsel was dat die getalle in sekondêre skole afgeneem het in die twintigerjare.

Mej. L. Joubert is opgevolg deur mej. M.H. le Roux in Julie 1922. Mej. le Roux was 'n oud-leerling van Bloemhof en 'n kleindogter van mnr. Piet Bosman, wat tesame met wyle ds. J.H. Neethling, die eerste notule van die Bloemhof Skoolkomitee onderteken het.

In die hoofstuk oor die Stryd om die Voertaal in Bloemhof het ons reeds aangestip dat mej. Lucy Joubert nog die stryd meegemaak het voordat sy die teuels neergelê het. Dit was egter die moeilike taak van mej. le Roux om die besluite van die komitee in die praktyk toe te pas, en soos ons reeds gesien het, het sy met baie en groot moeilikhede te kampe gehad. Daarby kom ook nog die feit dat die getalle van die Hoërskool aansienlik begin daal het, en die koshuis haas leeggeloop het.

Hierdie periode van agteruitgang het egter nie lank geduur nie. Dit was maar 'n tydelike verskynsel, wat na 'n

aantal jare weer verdwyn het. Aan die einde van 1933 het mej. M.H. le Roux die ouderdomsgrens bereik en het sy op pensioen afgetree. Mej. M.M. Theron is as agerende prinsipale aangestel, en Julie 1934 het die huidige prinsipale mej. C. van der Walt haar d ienste aanvaar.

Die volgende jare het Bloemhof weer spoedig tot haarself gekom. Die byna elf jaar wat Bloemhof onder mej. van der Walt staan is dan ook weereens gekenmerk deur ongekende vooruitgang. As ons die notule van die tydperk nagaan, dan tref dit ons dat probleme wat in die eerste jare van Bloemhof die bestaan van die skool bedreig het, heeltemal afwesig is. Die probleem van hierdie tydperk is eenvoudig dat Bloemhof so vinnig uitgebrei het dat vir groter ruimte gesoek moet word, en dit nie te vinde is nie.

Hierdie periode word dus oorheers met die gedurige gesoek en onderhandeling vir terrein en uitbreiding.

Die enigste moontlike eiendomme wat aan Bloemhof grens en dus as uitbreidingsterrein diens kan doen, is Wilgenhof, die manskoshuis van die Universiteit van Stellenbosch, die eiendom van mnr. Charlie Neethling en die Ou Uitspan terrein en gebou. Die Skoolkomitee het dan ook begrypliker wyse hierdie eiendomme probeer aankoop vir Bloemhofskool.

In die dertigerjare het die getalle leerlinge so toegeneem dat gedurig nuwe klaskamers aangebou moes word, met die gevolg dat die speelruimte heeltemal te beperk geword het. In Maart 1937 moes die komitee tydelik vier klaskamers, in die ou Bloemhof-gebou, van die Kerkraad huur, omdat die leerlinge

teveel vir Bloemhof geword het. [1].

Daar is verskillende voorstelle aan die hand gedoen om in die behoeftes te voorsien. Die voorstelle kan as volg opgesom word:

(1) Die aankoop van Wilgenhof, omtrent twee morg grond teen 'n moontlike prys van £14,000 - £15,000.

(2) Die aankoop van die eiendom van J.H. Wicht, groot 90,000 vk. voet teen £6,000.

(3) Die aankoop van ou Bloemhof-gebou van die N.G. Kerk teen £2,910.

(4) Die aankoop van die Uitspan in sy geheel.

(5) Die aankoop van die Uitspan-tennisbane teen £900, plus 'n woning wat aan die Joodse Sinagoge behoort.

Die Superintendent-Generaal van Onderwys het besluit om twee inspekteurs mnr. A.L. Charles en mnr. C.J. Hofmeyer uit te stuur om saam met die Skoolkomitee en die prinsipale die terreine te ondersoek. [2].

Die inspekteurs het bevind dat die Wilgenhof-terrein deur die komitee aanbeveel word, nie slegs vir die nodige bouperseel nie, maar ook om die speelruimte naby die skool te hê. Die inspekteurs was egter van mening dat die uitgaaf van £15,000 of selfs die helfte daarvan nie vir so'n doel regverdig sou wees nie.

Hul aanbevelings het op die volgende neergekom:

---

1). Notule : Bloemhof Skoolkomitee. p.41; 8 Maart 1937.
2). Dieselfde. p.91; 12 Augustus 1938.

(a) Dat onderhandelings aangeknoop word om uit te vind of die Universiteit nie gewillig sou wees om 'n deel van Wilgenhof se grond, wat aan Bloemhof grens, te verkoop nie.

(b) As dit nie moontlik is nie, die twee tennisbane van die Uitspan aangekoop word om die nodige bouruimte vir die nuwe klaskamers te verskaf.

Vir speelruimte sal dan nog voorsiening gemaak moet word in 'n deel van Stellenbosch waar grond nog goedkoop te kry is.

Hul het ook nog twee verdere voorstelle ter oorweging voorgelê naamlik,

(a) om die teenswoordige Bloemhof-gebou in sy geheel aan die Universiteit te verkoop, en dan na 'n deel van die dorp te verhuis waar aan al die vereistes voldoen kan word. Vir hierdie voorstel was die komitee blykbaar nie te vinde nie.

(b) Omdat die Jongenskool reeds ook te klein is, en die Universiteit nie ongeneë is om die gebou oor te neem nie, word voorgestel dat die Universiteit die Jongenskool inruil gegee moet word vir Wilgenhof, en dan 'n nuwe Jongenskool te bou. 3).

Aanvanklik het die komitee baie teenstand ondervind, want mnr. Charlie Neethling sowel as die Universiteit was nie gewillig om van hul eiendomme af te staan nie. Die komitee het egter nie moed opgegee nie, maar elke keer opnuut weer probeer

---

3). Notule : Bloemhof Skoolkomitee. p.103; 7 November 1938.

om die terreine in hande te kry.

Hul herhaalde pogings is eindelik met sukses bekroon want die 22ste Mei 1939 het mev. S. Pienaar, presidente van die A.C.V.V., kennis gegee dat die A.C.V.V. gewillig is om hul hele gebou en terrein te verkoop teen £5,300, op sekere voorwaardes. 4). Op hierdie tydstip was ook mnr. Charlie Neethling gewillig om 'n deel van sy eiendom af te staan, asook die Universiteitsraad om 'n deel van Wilgenhof te verkoop.

Die Skoolkomitee het daarop besluit om die Skoolraad te nader om by die Departement aan te dring op die aankoop van, Die Uitspan; deel van mnr. Charlie Neethling se grond; asook 'n deel van Wilgenhof.

Op hierdie stadium het die Sekretaresse van die Skoolkomitee 'n brief aan die Skoolraad gerig, waarin sy daarop wys dat Bloemhof skaars staanplek vir haar leerlinge bied, gebruik moet maak van die huishoudkunde laboratorium van die Universiteit, die swembad van die Universiteit, die hokkievelde van die Universiteit; geen tennisbane het nie, en slegs twee korfbalbane vir ag spanne. Hierdie toestand gee die Afrikaanse seksie werklik geen rede om trots te wees op die enigste Afrikaansmedium meisieskool in Kaapland nie. 5).

Die 10de Augustus 1939 het die Departement die aankoop van die Uitspan goedgekeur. Die gebou is tydelik in gebruik geneem, maar sal binnekort gesloop moet word, omdat die gebou heeltemal ondoeltreffend is en reeds deur die inspekteur

---

4). Notule : Bloemhof Skoolkomitee, p.127; 22 Mei 1939.
5). Dieselfde. p.133; 14 Junie 1939.

sowel as die skooldokter afgekeur is. 6). Hierdie aankoop het nog geensins die moeilikhede opgelos nie, want met die aanbou van nuwe klaskamers en 'n huishoudkunde blok bly die speelruimte probleem nog maar altyd staan. Daar bestaan dan ook 'n plan om 'n nuwe primêre skool te bou, maar oor die terrein is nog nie finaal besluit nie.

In 'n onderhoud met die S.G.O., dr. W. de Vos Malan het hy sterk by die Skoolkomitee aangedring om meer grond te verkry, veral die eiendom van mnr. Charlie Neethling, omdat Bloemhof nooit sal kan groot word met so'n beperkte stukkie terrein nie. Die terrein van mnr. Neethling kan die Komitee dan ook na sy dood verkry, en ook die moontlikheid om Wilgenhof aan te koop, is nie uitgesluit nie. 7).

Op hierdie stadium is op voorstel van die Universiteitsraad 'n kommissie saamgestel bestaande uit verteenwoordigers van die Afdelingsraad, Stadsraad, Universiteitsraad en Skoolraad, om die probleem van grond vir opvoedkundige doeleindes opgelos te kry. 8).

Ondertussen het Bloemhof baie vinnig uitgebrei. Reeds in Junie 1939 kon die Skoolkomitee meedeel dat die getal leerlinge in Bloemhof die afgelope vier jaar met 200 vermeerder het. 9).

Teen die einde van Oktober 1944 het die Provinsiale

---

6). Notule : Bloemhof Skoolkomitee. p.216; 13 Augustus 1941.
7). Dieselfde. p.310; 3 Februarie 1944.
8). Dieselfde. p.316; 2 Mei 1944.
9). Dieselfde. p.141; 14 Junie 1939.

Administrasie 'n brief aan die Bloemhofkomitee geskrywe, waarin hul wys op die wenslikheid om die skool in 'n Senior- en Junior-afdeling te verdeel, elk onder 'n aparte hoof, omdat die getalle so groot is. 10).

Vanaf 1 Januarie 1945 is Bloemhof verhef tot 'n Groep A skool. Die jaar 1945 het dus die kroon op al die werk van Bloemhof, gedurende vyf-en-sewentig jaar geplaas. Hierdie jaar sal waarskynlik as 'n buitengewone in die geskiedenis van Bloemhof aangeteken staan, omdat in hierdie jaar nog belangrike beslissings geneem sal moet word.

Omdat dit baie moeilik gaan om geskikte terrein vir Bloemhof aan te koop het die Skoolkomitee dit reeds as sy oortuiging uitgespreek dat die beste oplossing vir hierdie probleem sal wees om die toevoer tot Bloemhof in ander kanale te lei, deur b.v. drie primêre skole in die buitewyke van die dorp te stig, waar die kinders dan tot hul vyfde standaard opgelei kan word, en daarna eers na Bloemhof kom. 11).

Die grond wat nou aan Bloemhof behoort sal dus net vir die twee hoëre primêre klasse en die sekondêre skool gebruik word. Die ou Uitspan-gebou sal gesloop word en plek maak vir ontspanningsterrein.

Die toekoms sal ons moet leer wat van hierdie voornemens sal word, maar een ding is seker, Bloemhof staan aan die begin van 1945 op die vooraand van groot veranderings en ontwikkeling.

---

10). Notule : Bloemhof Skoolkomitee. p.336; 20 Oktober 1944.
11). Dieselfde. p.349; 7 Maart 1945.

Die Bloemhof Skoolkomitee het egter nie net vir die verstandelike ontwikkeling van die leerlinge gesorg nie, maar hul ook baie beywer vir ander geriewe vir die leerlinge.

Met die toepassing van die beleid van sentralisasie het baie plaasskooltjies in die distrik tot niet gegaan, en is die kinders per bus na Stellenbosch vervoer. Die kinders het al gou 'n probleem geskep, omdat hul middae geen plek gehad het waar hul 'n bietjie kon rus, of hul kos kon nuttig nie. Veral in reëntye het die noodsaaklikheid van 'n rushuis baie sterk op die voorgrond getree. Die Skoolkomitee het dan ook dadelik hierin opgetree. In Maart 1937 het hul die S.G.O. uitgenooi tot 'n samespreking in hierdie verband. Om verskillende redes is hierdie saak maar nog altyd uitgestel, en alhoewel ds. A.F. Louw in Maart 1940 nogeens mnr. P.H.Z. van der Merwe oor die ruskamers gaan spreek het, was daar in Augustus 1941 nog niks aan gedoen nie. 12).

Eers in April 1943, nadat die Uitspan reeds aangekoop was, is een van die buitegeboue in 'n ruskamer omgeskep.

In die brief van die Sekretaresse van die Skoolkomitee van 14 Junie 1939, het ons reeds gesien dat Bloemhof van die swembad van die Universiteit gebruik moes maak. Alhoewel die Universiteit Bloemhof vrye gebruik van die swembad vergun het, het die behoefte aan 'n eie swembad bly voortbestaan. Die bad is in die eerste plek te ver van Bloemhof en ten tweede kon die Universiteit slegs 'n paar uur per week aan die Bloemhof dogters

---

12). Notule : Bloemhof Skoolkomitee. p.216; 13 Augustus 1941.

afstaan. In Mei 1942 het mej. van der Walt voorgestel dat oorgegaan moet word tot die oprigting van 'n swembad, maar die komitee was van mening dat hul eers die skuld op die Uitspan moes delg voor hul daaraan kan dink. 13).

In April 1943 kry die skema 'n baie groot stoot, toe mnr. Willie Roux, van Somerset Strand £550 skenk vir die oprigting van 'n swembad. 14). Die plan was om die swembad op die Neethlinghuis-Erfurthuis gronde op te rig, maar omdat die gronde nie in naam van die Onderwystrustees geregistreer was nie, het die Departement geweier om die onderneming te subsidieer.

Die Sekretaris het weereens daarop gewys dat die kwessie van terrein-ruimte by Bloemhofskool 'n steeds dringender vraagstuk word, en stel dus voor dat die Skoolkomitee nog 'n keer 'n poging moet aanwend om grond te koop. Hul sal derhalwe mnr. Charlie Neethling nogeens nader vir die aankoop van 'n deel van sy grond, omdat die koste van die grond plus die bou van 'n gesubsidieerde swembad goedkoper sal wees as die bou van 'n ongesubsidieerde swembad sonder meer. 15).

Hierdie keer was mnr. Neethling weer gewillig om 'n deel van sy eiendom vir hierdie doel af te staan. Bloemhof het dus ook die vooruitsig om binne afsienbare tyd hul eie swembad te hê.

Die periode waarin mej. van der Walt aan die hoof van Bloemhof staan is dus een van vooruitgang en snelle uitbreiding. Die twee koshuise is vol kosgangers en die getal leerlinge het

---

13). Notule : Bloemhof Skoolkomitee. p.238; 5 Augustus 1942.
14). Dieselfde. p.267; 8 April 1943.
15). Dieselfde. p.288; 15 Oktober 1943.

reeds in Augustus 1941 die 620. merk behaal, en in 1945 is die skool in rang verhoog tot 'n Groep A skool.

By geleentheid van die uitdeling van die eerste diplomas in 1881 het prof. Hofmeyer daarop gewys dat Bloemhof nog altyd hoog gemik het, al was die begin klein, en God het hul werk met sukses bekroon, en derhalwe ag hul dit hul plig, om altyd voorwaarts en opwaarts te beweeg. Na die tyd het Bloemhof inderdaad altyd voorwaarts en opwaarts beweeg. Die klein terugslaggie in die twintigerjare was maar 'n ruspose, en na die ruspose het Bloemhof weer tot nuwe hoogtes gestyg. Die toekoms lyk belowend, en onder die leiding van mej. van der Walt sal Bloemhof ook in die toekoms trou wees aan haar roeping, en wys waartoe 'n Afrikaansmedium skool vir dogters in staat is.

BYVOEGSEL I.

VOLKS PETITIE.

(Oorgeneem uit De Zuid-Afrikaan 3 April 1900).

Wy de ondergetekene, wonende in de Kolonie van de Kaap de Goede Hoop, vragen u, het Volk van Groot Britanje en Ierland om ons aan te hooren.

In alles wat volgt drukken wy onze innig gevoelde overtuiging uit, terwyl wy iedere reden hebben om te gelooven dat wy ook de overtuiging uitdrukken van de meerderheid van de blanke bevolking die Zuid-Afrika tot hun woonplaats heeft gemaakt.

Gy werdt in de oorlog die nu woedt tegen de twee Zuid-Afrikaansche Republieken, geleid in onwetendheid van de werkelike feiten en door middel van misleidende verklaringen.

Men liet u gelooven dat de Boeren niet zouden vechten; dat zy lafaards waren. De ervaring heeft geleerd dat gy in dit opzicht misleid werdt. Men liet u gelooven dat zy brutaal en onmenschelyk waren. De ervaring heeft het tegendeel bewezen. Men liet u gelooven ontelbare andere dingen tegen hen, die de ervaring ook bewezen heeft valsch te zyn. Wy gevoelen ons daarom gerechtvaardigd u te vragen onzen plaatselyke ervaring in rekening te brengen.

Onze ervaring maakt ons er zeker van dat zelfs wanneer gy er in slaagt die volk te overwinnen, dat gy hun nooit kunt onderwerpen. Zy zullen nooit tevreden onderdanen van het

Ryk worden. Hun kreet is: „Vryheid of de dood!" Zy vechten zoo als alleen menschen kunnen vechten die voor hul wonsteden vechten die overtuigd zyn dat hun zaak rechtvaardig is en dat God hen om die reden ten slotte vryheid zal geven.

Er is gezegd dat de republieken een veroveringsoorlog voeren en dat gy gedwongen waart hun aanval te weerstaan. Wy ontkennen dat er ooit verowering in hun bedoeling heeft gelegen; wy beweren dat wanneer zy aanvallend optraden, dat zy dat alleen deden in zelfverdediging. Hun onafhanklikheid werd bedreigd en zy wusten het. Uw regeering verklaart nu openlyk vasbesloten te zyn hen van hun onafhanklikheid te berooven, en bewyst daardoor dat de vrees van de republieken wel gegrond was.

Vryheid is alles wat zy vragen. Vryheid is hun eenig doel. Zy verlangen „met rust gelaten te worden"; vry te zyn zoo als gy vry zyt. Wy meenen dat als ooit naties het gedaan hebben, deze twee republieken bewezen hebben de vryheid waardig te zyn.

Hun van hen vryheid te berooven zou niet alleen onrechtvaardig zyn; het zou ook een afschuwelyke en byna onherstelbare fout zyn. De oorlog zelf was onnoodig. Hy heeft reeds Zuid-Afrika met ondergang en wanhoop vervuld. Wy weten dat hy dag na dag een groot aantal van onze mede onderdanen nader tot wanhoop dryft. Slechts een ding kan erger zyn dan de oorlog, en dat is de stap dien u regeering nu voornemens is te doen.

Wy voor ons, meenende dat Zuid-Afrika nooit tot vrede

kan komen en nooit een ware welvaart kan genieten wanneer de republieken niet vry zyn, kunnen ons voortaan slechts verbinde onophoudelik voor hun vryheid te werken, door alle wettige en rechtvaardige middelen, maar wy weten dat de beslissing ten slotte moet rusten by u om aan de republieken in naam der rechtvaardigheid en ter wille van Zuid-Afrika en het ryk, de vryheid te geven waarom zy vragen en die wy zoo plechtig mogelyk gelooven dat zy verdienen.

BIBLIOGRAFIE.

I. Algemene Werke:

de Villiers, Anna : Die Hollandse Taalbeweging in Suid-Afrika (Annale van die Universiteit van Stellenbosch. Jaargang XIV, Reeks B, Afl. 2 (Sept. 1936). Nasionale Pers, Beperk, Kaapstad.)

du Toit, P.S. : Onderwys in Kaapland 1652-1939. (H.L. van Schaik Beperk, Pretoria. 1940.)

du Plessis, J. : Het leven van Andrew Murray. (Marshall Brothers, Limited. London, Edinburgh, New York. 1919.)

Gedenkboek van die Teologiese Seminarie (N.G. Kerk) Stellenbosch (Stellenbosch Pro-Ecclesia Drukkery, 1934.)

Gedenkboek van het Victoria College (De Nasionale Pers Beperkt, Kaapstad. 1918.)

Greyling, P.F. : Die Nederduits Gereformeerde Kerk en Armsorg. (Nasionale Pers, Beperk, Kaapstad. 1939.)

Hofmeyer, N.J. : Bloemhof Seminary at Stellenbosch. (Pamflet: Saul Solomon & Co., Steam Printing Office.)

Malherbe, E.G. : Education in South Africa. 1652-1922 (Juta & Co. Ltd. Cape Town & Johannesburg 1925)

Memorial Mount Holyoke Seminary. (South Hadley, Mass. 1862.)

Moorrees, A. : Die Nederduits Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, 1652-1873. (S.A. Bybelvereniging, Kaapstad. 1937.)

Pienaar, Mev. ds. : Ella Neethling. (Paarl Drukpers Maatskappy, Beperk, Noorder Paarl. 1927.)

II. Tydskrifte:

De Gereformeerde Kerkbode 1873 - 1904.

De Zuid-Afrikaan. 1873 - 1906.

The South African Review 1898 - 1904.

III. Argivale Bronne:

Dagboek van mej. B. Hopkins.

Neethling papiere.

Notule van Bloemhof Skoolkommissie, 1895 - 1945.

Notule van Bestuur Bloemhof Kosinrigting 1931 - 1945.

S.G.E. Argief van die Superintendent van Onderwys, 1873 - 1920. (Kaapse Argief.)